

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 20, No. 3

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2020 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

'n Wêreld op die rand van die afgrond

Elke generasie het tye van uiterste spanning beleef. My ouers het die Groot Depressie en die Tweede Wêreldoorlog beleef. Hulle ouers het die Eerste Wêreldoorlog en die Spaanse griep beleef. Meer as 58,000 lede van my Amerikaanse generasie het in Viëtnam gesterf. Dit sluit nie sterfgevallen van Amerika se bondgenote in nie, ook nie 'n miljoen vyandelike vegters en nog twee miljoen arme siele wat in die spervuur beland het nie. Meer as 50,000 Amerikaanse soldate het met ernstige beserings vanaf Irak en Afghanistan teruggekeer, alhoewel die getal gesneuweldes baie kleiner was, gedeeltelik as gevolg van die ongelooflike vooruitgang op die gebied van noodbehandeling op die slagveld. In vergelyking met baie vorige geslagte, was die lewe na die Tweede Wêreldoorlog nogtans vir die meeste van ons in die ontwikkelde wêreld redelik goed.

Min geslagte het deur die lewe gegaan sonder om ernstige uitdagings in die gesig te staar. Natuurlik kom die dood ook in vreedsame tye voor en veroorsaak lyding vir die sterwendes en hartseer vir hulle vriende en geliefdes. Niemand van ons kan vrae oor die lewe en die dood vermy nie en óf daar lewe *na* die dood is nie. Een of ander tyd word dit die heel belangrikste vraag. Indien u dit nog nie het nie, vra dan vir ons gratis boekie *What Happens When You Die?* Hierdie boekie sal binnekort in Afrikaans

besikbaar wees. U kan dit aanlyn lees by TomorrowsWorld.org of 'n gedrukte eksemplaar aanvra by die streekkantoor die naaste aan u, wat op bladsy 2 van hierdie tydskrif verskyn.

'n Vlugtige beskouing van hierdie uitgawe

Hierdie uitgawe van die *Wêreld van Môre* fokus om begryplike redes op die koronavirus wat ons wêreld bedreig. Vroeg in 2020, voordat die bekommernis oor COVID-19 ten volle ontvou het, het ek 'n reis onderneem wat reeds lank voor die krisis beplan was. So het ek ongemaklik naby die episentrum van die dreigende pandemie beland. By een geleentheid het ek en drie gaste in 'n byna leë restaurant gesit. Iemand naby ons tafel het hewig begin hoes en ons was beslis onrustig, veral toe ons verneem dat die persoon in die kombuis werk! In my artikel in hierdie uitgawe, "Om te reis te midde van 'n magdom maskers", vertel ek van my persoonlike waarnemings toe ek deur die Filippyne, Thailand en Suid-Afrika op reis was, net toe die koronavirus buite China begin versprei het. Ek verduidelik ook waarom COVID-19 *heeltemal* voorkombaar was.

J. Davy Crockett III (ja, hy is 'n afstammeling van die beroemde baanbreker wat "self 'n beer doodgemaak het toe hy net drie jaar oud was" en in die Alamo gesterf het), deel elders in hierdie uitgawe met ons 'n kort kommentaar waarin hy

verduidelik dat wat ons eet bygedra het tot hierdie huidige krisis.

In sy artikel wys die redaksionele direkteur en jarelange aanbieder van die *Tomorrow's World* beeld*-sending, Richard F. Ames, hoedat ons moet versterk kan word deur op God se beloftes te steun. Waarom weier ons dikwels om ons tot God en sy geopenbaarde Woord te wend, totdat daar geen ander hoop meer is nie? Soos een vader oor sy seun gesê het: "Hy sal altyd die regte ding doen ... nadat hy alles anders probeer het". Is daar 'n beter tyd as nou om verder as menslike oplossings te kyk en die vele bemoedigende beloftes te ontdek wat deur u Skepper aan u gegee is? (Ek wil daarop wys dat Richard Ames ook die skrywer van die uitstekende boekie is waarna ek vroeër verwys het, naamlik *What Happens When You Die?*)

Ons sluit in hierdie uitgawe 'n uittreksel in uit die boekie wat binnekort sal verskyn oor Bybelse gesondheidsbeginsels deur dr. Douglas Winnail. Daarin word ondersoek hoe aansteeklike siektes die wêreld verwoes, veral in tweede- en derdewêreld lande. Natuurlik, soos ons kan sien, bly hierdie siektes dikwels nie waar dit begin nie!

Ons kom dikwels nie agter hoe diep kinders geraak word wanneer dit lyk asof die wêreld rondom hulle inmekaar tuimel nie. Ek onthou nog watter effek die Asiatiese griep van 1957-58

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – 'n Wêreld op die rand van die afgrond

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

'n Reis te midde van 'n magdom maskers 3

Aan die begin van Covid-19 het mnr. Gerald Weston, Hoofredakteur, terwyl hy oorsee op reis was, geskryf en verduidelik waarom hierdie dinge gebeur en wat ons daaruit behoort te leer.

Die Bybel se gesondheidswette versus die koronavirus 8

Aansteeklikheid: Oorwin aansteeklike siektes 9

In hierdie uittreksel van ons splinternuwe boekie, verduidelik dr. Douglas Winnail watter kosbare inligting die Bybel bevat om siektes te beveg.

'n Dag om te onthou in 'n jaar van verandering 15

Eis God se beloftes 16

Wanneer dit lyk of die wêreld buite beheer is, het ons gemoedsrus, hoop en sekuriteit nodig. Daar is geen beter bron van sekuriteit as God se beloftes nie!

Wanneer die wêreld- ekonomie griep kry 21

Begrip van die komende profetiese plaes 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Peter Nathan (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

Box 111, Berkeley Square

London, W1J 5FJ

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 086 607 7398

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

'n Reis te midde van 'n magdom maskers

Deur Gerald E. Weston

Geagte Wêreld van Môre Leser,

Ek het die volgende artikel in Februarie 2020 begin saamstel terwyl ek op 'n lughawe in Thailand gesit het tydens 'n voorafbeplande reis om ons kerke en leraars regoor die wêreld te besoek. Dit was juis op dieselfde tyd toe COVID-19 geleidelik uit die Chinese stad Wuhan begin versprei het en die impak en omvang van die krisis nog nie verstaan was nie. Selfs toe het daar 'n onheilspellende atmosfeer geheers en in die groot skares mense wat op die lughawens saam gehok was, het baie mense beskermende maskers gedra. Wanneer ek terugkyk na wat ek net 'n paar maande gelede geskryf het, is ek verbaas oor hoévél daar in ons wêreld verander het én hoe vinnig. Hoewel sommige van die opmerkings hieronder verouderd mag lyk, behoort in ag geneem te word hoe nuut en vars die situasie was toe ek dit geskryf het. Ek wil steeds hierdie eerstehandse waarnemings met u deel, saam met die meditasies wat dit geïnspireer het. Aan die einde van die artikel volg 'n opdatering.

My reis was maande tevore beplan en min het ek toe geweet dat ek op die Suvarnabhumi-lughawe in Bangkok sou sit, net soos waar ek nou hier besig is om oor *hierdie* onderwerp te skryf. Ek het hierheen gekom om *Wêreld van Môre*-medewerkers van agt Asiatiese lande te ontmoet en 'n paar dae saam met hulle deur te bring om eerstehands die werk van ons instelling hier te sien. Die eerste besoek op my reisplan was 'n besoek aan ons kantoor in Kanada, vir die grootste deel van 'n week, om vier *Tomorrow's World*-beeldsendings vir ons Kanadese gehoor op te neem, waarna ek na Manila in die Filippyne gereis het om 'n *Tomorrow's World*-aanbieding te lewer, asook om dáár van ons medewerkers te ontmoet.

Ek het nooit tydens die beplanning van die reis kon droom dat ek deur skares besorgde reisigers wat duidelik net een ding op die brein gehad het, omring sou wees nie. 'n Onsigbare bedreiging wat besig

was om wêreldwyd vanaf Wuhan, China te versprei. Feitlik alle lughawepersoneel rondom my – sekuriteitspersoneel, restaurantpersoneel – dra allerhande soorte maskers. Vervaardigers het munt geslaan uit die krisis deur 'n verskeidenheid maskers aan te bied, baie soos wat die meeste van ons nog nooit tevore gesien het nie. Om die waarheid te sê, ek het self een gedra, saam met baie ander Westerlinge, terwyl ek in stampvol rye gestaan het – al was dit vir geen ander rede nie as om my vrou wat tuis op my gewag het, asook al die ander mense wat oor my gesondheid bekommerd was, tevrede te stel.

Handewas, alkohol-lappies en ander vorms van ontsmettingsmiddels is oral – maar hoe kan 'n mens besmetting deur 'n onsigbare virus, wat op enige oppervlak kan skuil, heeltemal vermy? Alhoewel ek nie al te vreeslik bekommerd was nie, is dit 'n feit dat enigiemand wat in 'n stampvol vliegtuig, trein of bus

op enige plek in Asië sit, die koronavirus op sy brein het, met die wete dat daar tog 'n geringe kans is om hierdie lewensgevaarlike gogga teë te kom.

Die uitdaging is natuurlik nie net in Asië nie. Ek merk op dat mense nie op vliegtuie mag klim wat na ander lande vlieg, indien hulle gedurende die laaste veertien dae in China, Macau, Taiwan of Hong Kong was nie. Personeel deel nuwe verklaringsvorme uit vir die sifting van passasiers. By hotelle, winkelsentrums en ander openbare plekke word mense se temperatuur geneem voordat hulle toegelaat word om binne te gaan. *(Let wel: Nadat ons uit Thailand weg is, waar ek die grootste gedeelte van hierdie artikel geskryf het, kon ons nie in Suid-Afrika van die vliegtuig afklim voordat elke passasier individueel 'n temperatuurskandering ondergaan het nie. Selfs Lesotho – 'n land wat reg rondom deur Suid-Afrika begrens word – vereis 'n temperatuurskandering voordat*

iemand in die land toegelaat word. Hierdie is weldeurdatge maatreëls wat die besorgdheid van die owerhede regoor die wêreld bewys.)

Terwyl ek hier op die lughawe sit, wonder ek: Wat as COVID-19 uitloop op 'n pandemie soos wat die wêreld in 1918 beleef het, toe 25 tot 50 miljoen mense weens die Spaanse griep gesterf het? Is COVID-19 regtig so ernstig of is hierdie stappe 'n kwessie van 'n oefening in (verskoon die woordspeling), oordrywing? Is hierdie vrees geregverdig?

Ek moet sê dat om *eerstehands* te sien watter uitwerking die koronavirus op die wêreld het, insiggewend was. Indien dit wel op 'n wêreldwye pandemie sal uitloop en of dit slegs 'n ongerieflike vals alarm is, sal waarskynlik bekend wees teen die tyd dat u hierdie artikel lees. Ek hoop dit sal laasgenoemde wees.

Die ekonomiese impak en ons tragiese onkunde

Behalwe dat dit vrees oor die hele Asië en elders versprei, mag die grootste nalatenskap van COVID-19 die impak wees wat dit op die wêreld se ekonomieë het. Weens verstaanbare vrees word reis en toerisme verbied, wat die persoonlike lewens van miljoene mense beïnvloed. Mens kan dit aflei van die aantal gekanselleerde vlugte, veral dié wat na en van Sjanghai, Wuhan en Beijing reis. Dit is sigbaar by toeriste-oorde waar die verwagte vakansiegangers nie opdaag nie. Die getal toeriste by die *Grand Palace* in Bangkok is maar min in vergelyking met die aantal toeriste wat gewoonlik op 'n gewone dag daar saamdrom. Die Chinese Nuwejaar bring normaalweg duisende mense na Phuket, maar nie in 2020 nie. Dit het 'n invloed op privaat- en

korporatiewe verblyf en alles wat met 'n toeristedorp gepaard gaan. Soortgelyke situasies heers oor die hele streek.

Dit is duidelik dat die gevolge van hierdie virus baie verder as Asië sal strek. Ek en my vrou was van plan om ter viering van ons 50-jarige huweliksherdenking, 'n seevaart na Alaska te onderneem, maar wie sou dit wou waag om vir wie weet hoeveel weke in 'n kiemfabriek opgesluit te wees? In so 'n scenario is die kans nou goed dat mens die virus self sal vryspring, maar nie die kwarentynmaatreëls nie, indien selfs net een besmette passasier of bemanningslid aan boord van die skip kom. Dit raak nie net die reuse korporatiewe skeepvaartmaatskappye self nie, maar ook duisende werkers wat afhanklik is van vorgelaaide skepe vir hulle lewensonderhoud.

Geagte Intekenaars, ek kan sien hoe die vrees, die lewensverlies en die persoonlike en wêreldwye ekonomiese uitwerking van COVID-19 ons begin omring. Soos wat ek in twee vorige beeldsendings van *Tomorrow's World* verduidelik het kon dit vermy gewees het. Dit was nie nodig dat dit gebeur het nie. Nee, die mensdom het nie die "lesse van SARS" geleer nie en het ook nie verstaan dat "Ebola voorkom kon gewees het" nie. Gaan na ons webwerf, soek na daardie programme en kyk self daarna. U sal sien dat die waarheid só voor die hand liggend is. Hierdie tragedies is *onnodig* en *heeltemal voorkombaar*. Hierdie koronavirus herinner ons aan hoe kwesbaar ons vir siektes is en hoe tydelik ons lewens is. Dit behoort ons ook te herinner aan wat gebeur as die mens dink dat hy meer as sy Skepper weet. Die meerderheid van mense het ongelukkig nie enige lesse hieruit geleer nie.

Sal daar egter ooit 'n tyd

wees wanneer siektes iets van die verlede is – net 'n hoofstuk in 'n antieke geskiedenisboek? Die antwoord was nog deurgaans duidelik en dit mag u verras.

Ons liggame is wonderbaarlik geskep met wonderlike verdedigingsmeganismes teen die meeste gevare. Ons vel bied 'n kragtige beskermende versperring teen 'n wêreld van patogene wat rondom ons wemel soos haaie wat rondom 'n beseerde prooi swem. Ons bloedstroom is gevul met aanpasbare en "intelligente" teenliggaampies wat gereed is om moontlike indringers aan te val en om moordselle opdrag te gee om dit te vernietig. Ruimte vir hierdie artikel laat my nie toe om reg te laat geskied aan al die verdedigingsmeganismes waarvoor die menslike liggaam beskik nie – dit is egter voldoende om te sê dat ons *baie* natuurlike verdedigings- en aanvalswapens in ons liggame beskikbaar het om die normale biologiese gevare af te weer. Wallace Smith het twee volledige bladsye gewy aan hierdie wonderlike aspek van God se ontwerp in sy artikel "*Oorlogvoering onder u vel*" wat in ons Maart-April 2019-uitgawe verskyn het.

So wonderlik as wat daardie stelsel is, weet ons al te goed dat patogene soms deur ons verdediging dring en dat ons siek word – gewoonlik net tydelik – totdat ons immuunstelsel die oorhand kry en ons weer normaal met ons lewe kan aangaan. Af en toe kry 'n virus soos SARS of Ebola egter die oorhand en ... vind ons onself vinnig oppad om die antwoord op die eeue-oue vraag te vind: *Is daar lewe na die dood en indien daar is, is ek voorbereid daarop?*

Indien daar 'n liefdevolle God is ...

Ons wil almal graag verstaan, as

God liefde is, waarom laat Hy toe dat die mensdom so baie ly as gevolg van siektes. Kon Hy nie 'n ander wapen sáám met ons ander verdedigingstelsels skep om die toevallige pandemies te voorkom nie? Wat van kanker, diabetes, hartsiektes en honderde ander aftakelende en dodelike siektetoestande? Wat ter soort God sal sulke lyding oor die mensdom bring?

Die antwoorde op hierdie vrae lê by *onsself*. Dink aan die vele siektetoestande waarvan ons weet, wat deur die mens sélf veroorsaak word en heeltemal voorkombaar is. Ons weet al dekades lank dat die rook van sigarette longkanker en 'n magdom ander siektetoestande veroorsaak. Mense wat oorgewig is, wat weinig oefening kry en wie se dieet te veel suiker en koolhidrate bevat, loop 'n hoër risiko om diabetes en hartsiektes te ontwikkel. Die oormatige gebruik van alkohol dra by tot lewersirrose en maak ons meer kwesbaar vir beserings en dood. Ten spyte van hierdie wydverspreide kennis, hoeveel mense hou op rook, begin oefen en verander hulle dieet? Is dit nie tyd dat ons ophou om God vir ons siektes te blameer nie, terwyl dit vir baie van ons duidelik is dat sommige van ons *eie* besluite veroorsaak dat ons siek word?

Wat van lewensgevaarlike siektes soos SARS, MERS, Ebola en COVID-19? Ons is tog sekerlik onskuldige slagoffers – of is ons?

Daar bestaan geen twyfel dat die virusse wat hierdie siektes veroorsaak, nie tussen mense diskrimineer nie en mense tref wat toevallig op die verkeerde tyd op die verkeerde plek is, sonder dat hulle enige misdryf begaan het. Hoe verrassend dit ookal mag klink, is die oorsaak van hierdie besmettings egter bekend én

voorkombaar. Indien ons die vraag ter syde stel of hierdie koronavirus uit 'n “voedselmark” of 'n “Bioveilige graad-4” laboratorium ontsnap het, weet ons dat hoefystervlermuise 'n besmettingsbron vir koronavirusse is. Indien hierdie vlermuise in hulle natuurlike omgewing gelaat was, sou hulle nie geëet of bestudeer word om vas te stel hoe om die siektes wat hulle dra te voorkom nie. SARS en MERS sou voorkom kon gewees het en COVID-19 sou die ramp gewees het wat nooit plaasgevind het nie.

Koronavirusse soos SARS en COVID-19 sal onder die mensdom bly voortbestaan – of dit nou in China of op enige ander plek ter wêreld is – solank as wat mense voortgaan om vlermuise, sivetkatte en ander eksotiese diere te eet. Let op hierdie verslag van ongeveer 15 jaar gelede:

In hulle soektog na 'n virusbron het die mikrobioloog Kwok-yung Yuen van die Universiteit van Hong Kong (HKU) en sy kollegas monsters van ape, knaagdiere en verskillende vlermuise in die afgeleë gebiede van Hong Kong geneem. Die SARS-agtige virus is gevind in 39% van die anale deppers wat van Chinese hoefystervlermuise versamel is, wat geëet word en ook in tradisionele Chinese medisyne gebruik word (“*SARS Found in Chinese Bats*,” *Science Mag.org*, 12 September 2005).

Sulke bevindings word gereeld bevestig, soos in die geval van SARS:

Navorsers van die V.S. was nie die eerstes wat beweer het dat vlermuise die bron van SARS is nie, maar het gesê dat hulle die grootste en omvattendste ontleding gedoen het van die oorsprong van die koronavirus wat SARS veroorsaak. Die navorsers het genetiese data bestudeer van honderde virusmonsters wat van mense, verskeie vlermuise, sivetkatte, wasbere en varke geneem is ... Die navorsers het vasgestel dat die SARS-virus oorgedra word vanaf vlermuise na mense, na sivetkatte en varke en laat in die uitbreking, terug na mense (“*Blame bats for SARS, U.S. researchers say*,” *CBC.ca*, 19 Februarie 2008).

Volgens die artikel van die Kanadese Uitsaaikorporasie behoort ons “vlermuise te blameer”, maar hoeveel vlermuise dwing mense om hulle te eet?

Dit is ook 'n absolute feit dat Ebola sal voortduur om in Wes-Afrika op te duik solank as wat die plaaslike mense primate (ape) en vrugtevlermuise eet. Vlermuise word ook by 'n ander dodelike koronavirus betrek, soos wat dit in 'n *Medical News Today*-artikel van 2017 verduidelik word: “Wáár die Midde-Oosterse respiratoriese sindroom koronavirus (MERS-CoV of MERS) vandaan kom, bly 'n raaisel, maar dit het waarskynlik in 'n dier begin. Dit is in kamele en 'n vlermuis gevind” (“*MERS-CoV: What you need to know*,” 19 Desember 2017).

Varke word ook dikwels met

dodelike griepuitbrekings geassosieer en dit is bekend dat hulle genetiese mengbakke is wat veroorsaak dat virusse van een dier, mutasies kan ondergaan en verander in vorms wat dan die oordrag van mens-tot-mens moontlik maak. Soos wat die *BBC* verduidelik: “Ons glo dat die vrugtevlermuis die bron van die Nipah-virus is wat in 1998 en 1999 in Maleisië voorgekom het, maar dit moes eers in varke ingaan voordat dit mense kon besmet” (“*Bats a 'likely source' of Sars,*” *BBC News*, 29 September 2005).

Alhoewel vlermuise, varke, sivetkatte, knaagdier en ander diere wat in die Asiatiese en Afrika-vleismark aangetref word, 'n waarskynlike faktor by hierdie uitbrekings is, hoeveel mense besef die werklike betekenis van hierdie feite? Hoeveel mense erken die voor die hand liggende gevolgtrekking dat hierdie verwoesende siektes heeltemal voorkom kan word? Hoeveel mense verstaan dat *gehoorsaamheid* aan die Een wat alle lewe op aarde geskep het en aan ons liefdevolle voorskrifte vir ons *eie beswil* gegee het, die vrees, lyding, dood en die groot ekonomiese impak op die wêreld wat ons tans sien, sou voorkom het?

Die waarheid is dat vlermuise, primate (soos ape), katte, slange en baie ander diere wat gereeld geëet word, nooit as voedsel vir die mensdom bedoel was nie. Ons Skepper het baie eenvoudige reëls aan ons gegee om te volg met betrekking tot watter diere se vleis geskik is om te eet en watter is nie goed vir ons as voedsel nie. Indien u nuuskierig en dapper genoeg is om dit te doen, kan u hierdie Wette in die boek lees wat die Bybel genoem word. Ons leer uit Levitikus 11 en Deuteronómium 14 dat sekere diere, voëls en

seelewe geskik is as voedsel, maar dat ander diere vermy behoort te word. Dit is geen toeval dat die diere wat deur God beskryf word as ongeskik vir menslike verbruik, pandemieskep as hulle wel verbruik word nie.

Ons blameer vir God terwyl ons van beter weet

Dit is waar dat ons nie weet wat die oorsaak is van elke kwaal wat ons tref nie, maar ons weet baie meer as wat ons wil erken. Die oorsake van die mees algemene siektetoestande is welbekend en ons het sterk vermoedens ten opsigte van baie ander. Omgewingsbesoedeling hou verband met baie soorte kanker. Seks buite 'n monogame huwelik is 'n bekende oorsaak van baie pynlike, aftakelende en dodelike siektes. Dwelmmisbruik gaan gepaard met 'n hele aantal kwale. Dit is egter baie makliker om God te blameer as om persoonlike verantwoordelikeit te aanvaar.

Miskien is dit tyd om op te hou om God te blameer en om in die spieël te begin kyk. In plaas daarvan om gewoontes te verander wat ons probleme veroorsaak, is dit baie anlokliker om die maklike uitweg te volg en die “slagoffer”-kaart te speel.

Die Skepper het aan die antieke volk Israel gesê: “As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooi en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak” (Exodus 15:26). Let daarop dat die nasie “getrou” na God moes luister en “al sy insettinge” moes hou.

Het enige nasie dit gedoen? Wat van u eie nasie?

Nee, ons verwerp God, blameer Hom en kies om te doen wat reg is in ons eie oë – waag 'n kans op die *onbekende*, as dit bewys is dat die *bekende* beter werk! Dan blameer ons Hom vir die resultate van ons hardkoppige, eiewyse besluite.

Die Bybel wys daarop dat daar 'n baie pynlike toekoms vir die mens wag, met toenemende siektes, oorlogvoering en natuurrampe. Daar kom egter 'n tyd daarna – nadat ons Skepper ons aandag verkry het – wanneer Satan, die groot misleier, uit die weg geruim sal word en die waarheid sal seëvier (Openbaring 12:9; 20:1-3). Jesus Christus sal dan 'n tyd van vrede en voorspoed oor die hele aarde inlei, want die kennis van God se Wette, met inbegrip van al Sy gesondheidswette, sal oral verstaan en beoefen word (Jesaja 11:2, 9). Dit is daardie goeie nuus waaroor die *Wêreld van Môre* gaan. Ek hoop dat die krisis verby sal wees teen die tyd dat u hierdie artikel lees – maar selfs al is dit, sal meer krisisse *aanbreek* totdat die mensdom uiteindelik sy baie pynlike les geleer het.

OPDATERING: Op 11 Maart 2020 – twaalf dae nadat ek eindelijk teruggekeer het huis toe in Charlotte, Noord-Carolina – het openbare gesondheidsowerhede die COVID-19-krisis amptelik as 'n pandemie verklaar. Eers is dit deur reisigers vanaf China, Hong Kong en Macau versprei. Daarna het die verspreiding van die virus vinnig deur die gemeenskap versprei. Terwyl ek hier in vroeg April 2020 sit om hierdie opdatering te skryf, het die storie van die koronavirus wat verantwoordelik is vir COVID-19, die meeste lande bereik en die regerings spook om die kurwe “af te plat” en die infeksiesyfer te verlaag in die hoop dat daar spoedig

effektiewe terapieë of entstof tot hulle redding sal kom.

Wanneer lande in die eerste wêreld spartel om kop bo water te hou, hoe kan derde-wêreld lande dan die virus hanteer? Wat sal in Indië gebeur met hulle hoë koers van tuberkulose of regoor Afrika waar baie miljoene mense deur MIV/VIGS verswak is? Hierdie mense mag dalk verwyderd wees van die meeste lesers van hierdie tydskrif, maar hulle is mense wat na God se beeld geskape is, met dieselfde ewige potensiaal as ek en u.

Dit sal eers in 2021 wees voordat hierdie tydskrif u posbus

bereik en terwyl ek hier skryf, kan enigene maar net raai waar ons wêreld teen daardie tyd sal wees. Selfs nou, terwyl ek skryf, heers daar chaos in Italië. Europa is besig om te verbrokkel en lande regoor die wêreld staar dreigende bankrotskap in die gesig. Groot korporasies sowel as individue wat van die een salaristjek tot die volgende salaristjek leef, kyk toe hoedat miljoene mense se inkomste soos mis voor die son verdwyn. Regerings leen geweldige groot bedrae om verligting te bring en uitgawes te dek waarop nie een van hulle voorbereid was nie. Dit

mag wees dat die grootste nalatenskap van COVID-19, die verwoesting van lewensbestaan, ekonomieë en die huidige wêreldorde sal wees.

Hierdie groter vraagstukke behoort geringe ongerieflikhede soos om 'n bootreis uit te stel of 'n konsert te mis, in perspektief te plaas. Daar is niks soos 'n wêreldoorlog, 'n depressie of 'n pandemie om ons lewens in perspektief te plaas nie.

Hoe vinnig kan ons wêreld vandag verander! Mag die wêreld van môre dit spoedig vervang. **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 8 – Die Bybel se gesondheidswette versus die koronavirus

kosse te eet, soos die vleis van diere wat herkou en gesplete hoewe het. Waarom nie die ander vleissoorte nie?

Die “onrein” diere vorm in wese die “skoonmakers” van die planeet se ekosisteem. Diere wat aas eet se liggame bevat baie van die skadelike stowwe wat hulle geëet het. Hulle voortbestaan is noodsaaklik om balans in die

natuur te behou en die omgewing skoon te maak, maar hulle is nie geskape vir menslike verbruik nie. Om aan hierdie “wildsgeure” te smul kan ernstige gesondheidsprobleme en siektes tot gevolg hê wat die dodelike siektes insluit wat hierbo genoem word.

Lande wat deur die COVID-19-pandemie geraak word, werk nou hard daaraan om die

verspreiding en gevaar daarvan tot die minimum te beperk. Dit bied stof tot nadenke om te besef dat *dit alles*, soos so baie ander aansteeklike siektes, voorkom kon gewees het deur eenvoudig aan die Bybel gehoorsaam te wees.

Dus, wat is daar op u bord? **WvM**

Genees God VANDAG?

Die Bybel toon aan ons dat daar 'n dag sal kom wanneer siekte-epidemies ons wêreld sal teister. Dokters en hospitale sal oorval word deur siekes en sterwendes. Diegene wat nie geleer het om op God te vertrou nie, sal geen heenkome hê nie. Indien u egter vandag leer om op God te vertrou en Hom gehoorsaam, sal u geseënd wees, moontlik selfs meer as wat u besef!

Skryf in of skakel ons om sodoende u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te ontvang!

Die Bybel se gesondheidswette versus die koronavirus

Deur J. Davy Crockett III

Die Covid-19-krisis openbaar die rol van die “mengbak” in ons wêreldsiectes

Gesondheidsbeamptes het vasgestel dat die koronavirus wat sy verskyning gemaak het en wat COVID-19 veroorsaak, afkomstig was van die Huanan-seekosmark in Wuhan, China wat die Hubei-provinsie se grootste verkoper is van wat die Chinese *yě wèi* noem of te wel “wildsgeure”. Dit sluit in skubberige miereters, ratels, salmanders, skerpioene, krimpvarkies, slange, vlermuise en selfs babawolfies. Alhoewel dit tegnies onwettig vir markte is om hierdie eksotiese diere as voedsel te verkoop, word die verbod op die verkoop daarvan nie streng toegepas nie en beland hierdie items dikwels in miljoene mense se borde.

Gesondheidsowerhede vermoed dat die virus vanaf vlermuise oorgedra is na ietermagōs en toe na mense. U sal moontlik onthou dat “Varkgriep” vanaf varke afkomstig was en in China opgespoor is. Ander kulture steun soortgelyke diëte, wat lei tot “soōnotiese” siektes wat van diere na mense oorgedra word. In dele van Afrika eet baie mense “wildsvleis” met inbegrip van ape en vlermuise. Die Ebola-epidemie wat lyding en dood veroorsaak duur hardnekkig voort in daardie lande.

Wat meer is, die gebruik van skulpvis soos oesters, garnale, kreef, krap, mossels en gapermossels is algemeen versprei oor bykans alle kulture. Gesondheidsbeamptes waarsku dikwels teen die eet van

hierdie skaaldiere gedurende sekere seisoene.

Behoort die diere wat hier beskryf word, as voedsel vir die mens beskou te word? In antieke tye het die Skepper-God reeds instruksies gegee om te onderskei tussen “rein” en “onrein” diere en in detail verduidelik watter soogdiere, visse, voëls en insekte Hy vir die mens geskape het om te eet. Dit is die moeite werd om weer in detail te kyk na wat die grootste deel van die wêreld aanhou om te ignoreer:

“Jy mag niks eet wat 'n gruwel is nie. Dit is die diere wat julle mag eet: 'n bees, 'n skaap en 'n bok; 'n takbok en 'n gemsbok en 'n gestippelde takbok en 'n steenbok en 'n ribbok en 'n eland en 'n klip-springer; en al die diere wat gesplitste kloue het, en wel heeltemal in twee gesplitste kloue, *en* herkou onder die diere – dié mag julle eet. Maar die volgende mag julle nie eet nie van die wat herkou en van die wat die gesplitste kloue het: die kameel en die haas en die das, want hulle herkou maar het geen gesplitste kloue nie – onrein is hulle vir julle; ook die vark, want hy het gesplitste kloue, maar is geen herkouer nie – onrein is hy vir julle. Van

hulle vleis mag julle nie eet en hulle aas mag julle nie aanraak nie.

Dit mag julle eet van alles wat in die water is: alles wat vinne en skubbe het, mag julle eet. Maar alles wat geen vinne en skubbe het nie, mag julle nie eet nie – onrein is dit vir julle.

Al die rein voëls mag julle eet. Maar dit is wat julle uit hulle nie mag eet nie: die arend en die lammervanger en die aasvoël; en die kuikendief en die valk en die gier na sy soorte; en elke kraai na sy soorte; en die volstruis en die naguil en die seemeeu en die kleinvalk na sy soorte; en die steenuil en die steenuil en die silweruil; en die pelikaan en die kleinaasvoël en die visvanger; en die groot-sprinkaanvoël en die reier na sy soorte, en die hoep-hoep en die vlermuis. En al die insekte met vlerke moet vir julle onrein wees; hulle mag nie geëet word nie. Al die rein voëls mag julle eet. Julle mag geen aas eet nie” (Deuteronómium 14:3-21).

Let daarop dat vlermuise, asook varke en skulpvis, onder die verbode vleissoorte tel! Ons liefdevolle God laat Sy mense toe om 'n groot verskeidenheid

Vervolg op bladsy 7

Aansteeklikheid: Oorwin aansteeklike siektes

Deur Douglas S. Winnail

*Bevat die Bybel belangrike sleutels om die wêreldwye uitdaging van aansteeklike siektes die hoof te bied? Kan godsdiens 'n rol speel in die bevordering van gesondheid en die voorkoming van siektes? U sal die antwoorde vind in hierdie uittreksel van Hoofstuk 4 van ons nuutste boekie, *Biblical Principles of Health (Die Afrikaanse weergawe sal binnekort beskikbaar wees)*.*

Opmerksame wêreldleiers in die regering asook op die gebied van medisyne begin besef dat meer geld, medisyne, navorsing en wetgewing nié die stryd teen siektes sal wen nie. In baie lande is gesondheidstelsels besig om agteruit te gaan as gevolg van die druk van toenemende bevolkingsgetalle en beperkte finansiële hulpbronne. Nuwe uitbrekings, soos die COVID-19-pandemie, plaas groot druk op stelsels in verband met gesondheidsorg soos wat lande sukkel om daarop te reageer. Dr. Gro Harlem Brundtland, 'n voormalige direkteur-generaal van die Wêreldgesondheidsorganisasie, het jare gelede erken dat die doelwit van “gesondheid vir almal ... ontwykend bly” – 'n illusie wat aanhou om oor die horison te verdwyn.

Miskien is dit tyd om te vra: Waarom sukkel ons steeds in die 21ste eeu om die stryd teen siektes te wen? Is effektiewe oplossings geïgnoreer? Is ons nie besig om nié die kragtige werktuie wat deur God voorsien is raak te sien nie? Dit wat geweldige deurbrake sou kon maak in die stryd teen die plaag

van aansteeklike siektes wat miljoene mense regoor die wêreld teister en afmaai?

'n Wêreldwye vloek

In die vroeë 1900's was aansteeklike siektes die grootste oorsaak van lyding en dood in Amerika en Europa. Verbeterde sanitasie, asook ander mediese ontwikkelings, het hierdie plaag op daardie vastelande aansienlik verminder.

Buite die ontwikkelde wêreld sien ons egter steeds 'n verbysterende en kommerwekkende prentjie, soos wat aansteeklike siektes deur armoede aangehelp word en 'n verstommende aantal menselewens verwoes. Voorkombare en geneesbare siektes soos malaria, diarree, tuberkulose en asemhalingsiektes veroorsaak elke jaar die dood van meer as tien miljoen mense in minder ontwikkelde lande – met kinders wat buite verhouding geaffekteer word. Die aantal mense wat met hierdie siektes saamleef en daaraan ly, is verstommend.

Meer as 200 miljoen mense doen jaarliks malaria op, wat lei tot meer as 400,000 sterftes – dit

sluit die sterftes van 300,000 kinders in onder die ouderdom van vyf jaar – meestal in Afrika, suid van die Sahara. Daar word beraam dat 3,2 miljard mense – ongeveer 40% van die wêreldbevolking – die risiko loop om malaria op te doen en daaraan te sterf. In ontwikkelende lande is diarree-verwante siektes, wat net so voorkombaar en behandelbaar as malaria is, 'n ander grootskaalse oorsaak van dood en gestremdheid by kinders. Tuberkulose (TB) is “een van die top 10 oorsake van sterftes wêreldwyd”, met meer as 10 miljoen mense wat die siekte jaarliks opdoen en bykans 2 miljoen mense wat daaraan sterf. Tuberkulose is die hoofoorsaak van sterftes onder diegene wie se immuunstelsels deur die menslike immuniteitsgebreekvirus (MIV) verswak is en “ongeveer een-derde van die wêreld se bevolking het latente TB” wat beteken dat hulle met die bakterieë besmet is, maar nie siek is nie.

In tropiese en subtropiese dele van die wêreld loop ongeveer 2,5 miljard mense die risiko van dengue-koors wat deur muskiete oorgedra word.

Meer as 50 miljoen dengue- verwante gevalle en 25,000 sterftes as gevolg daarvan kom jaarliks voor – hierdie uitbrekings is besig om buite die trope te versprei. MIV/VIGS is vinnig besig om die grootste bedreiging vir gesondheid, ekonomiese ontwikkeling en nasionale stabiliteit in baie lande in Afrika en Asië te word. Sedert dit sy verskyning gemaak het, het dit meer as 35 miljoen lewens geëis. Vandag is bykans 37 miljoen mense MIV-positief en daar word jaarliks ongeveer twee miljoen nuwe gevalle aangemeld. In ontwikkelende lande affekteer slakkoors (schistosomiasis) ongeveer 207 miljoen mense en eis jaarliks meer as 200,000 lewens terwyl ingewandswurm-ontsteking byna 2 miljard mense teister. Meer as 190 miljoen mense in arm landelike gebiede loop die risiko om bakteriële tragoom op te doen, wat die grootste oorsaak van gesigsgestremdheid en blindheid is en wat 2 miljoen mense aantast. Meer as 120 miljoen mense loop die risiko om onchocerciasis (rivierblindheid) op te doen en 18 miljoen mense word jaarliks daarmee besmet. Melaatsheid vermink steeds tussen een- en tweemiljoen mense, met ongeveer 200,000 nuwe infeksies elke jaar.

Dit is waarlik astronomiese getalle mense wat ly as gevolg van die vloek van aansteeklike siektes. Om sake te vererger, is dié swaar las van siektes in ontwikkelende lande die afgelope paar jaar vererger deur

'n kommerwekkende ontwikkeling. Namate die inwoners van hierdie lande toenemend die gedrag en dieetpraktyke van meer ontwikkelde lande aanneem, kan 'n toename in hartsiektes, kanker en ander patologieë gesien word wat algemeen in groot dele van die ontwikkelde wêreld voorkom.

Dit is tragies dat die swaarste las van aansteeklike en kroniese siektes “die onderste biljoen” mense tref wat “in wese op geen geld leef nie” en vasgevang is in 'n eindelose siklus van armoede. Baie lande in hierdie armste en minste ontwikkelde streke gaan gebuk onder die drukkende las van skuld, verbrokkelde infrastruktuur en toenemende korrupsie en is eenvoudig nie in staat om sulke oorweldigende probleme te hanteer nie – daarom ly hulle mense buite verhouding onder die wêreldwye vloek van siekte. 'n Britse koloniale geneesheer het eenmaal geskryf dat “die groot massas van Afrika ... 'n ernstiger las van siektes dra as enige ander wêreldstreek ... die huidige inwoners van tropiese Afrika huisves 'n groter verskeidenheid menslike parasiete as enige ander nasie.” In sommige streke van tropiese Afrika is 60-90% van die bevolking besmet met veelvuldige parasiete.

Om hierdie folterende las van siekte te verminder en uit te skakel, moet ons die ware oorsake van die probleem verstaan en aanspreek.

Verbreek 'n bose kringloop

Vir baie gesondheidskundiges is die enigste oplossing vir die probleem van aansteeklike siektes om meer geld in die ontwikkeling van medisyne in te pomp en om klinieke te vestig om behandelingsdienste te voorsien. Dit is 'n poging om lyding te verlig deur simptome te behandel, maar spreek nie die onderliggende oorsake aan nie. Die meeste aansteeklike siektes wat ontwikkelende lande teister, word geassosieer met armoede – oorbevolking, onhigiëniese lewensomstandighede, gebrek aan skoon water, om die menslike afval en vullis behoorlik te verwyder asook 'n gebrek aan beskerming teen siekte-draende insekte (gaasvensters, muskietnette, insekwerende middels en insekdoders). Mense wat in armoede leef, het eenvoudig nie toegang tot hierdie hulpbronne en toerusting wat gesondheid bevorder nie en die verarmde regerings kan dit nie voorsien nie. Dikwels dra korrupte leiers selfs by tot die probleem deur internasionale hulpfondse te verduister om hulleself te verryk.

Onkunde speel ook 'n belangrike rol. Mense wat in arm landelike gebiede regoor die wêreld woon, verstaan dikwels ook nie hoe aansteeklike siektes oorgedra word en hoe maklik dit voorkom kan word nie. In plaas daarvan om die ware oorsake van aansteeklike siektes te erken (bv. bakterieë, virusse, protooë, vlieë en muskiete), word “bose geeste” soms die skuld daarvoor gegee. Ontel-

bare miljoene mense besef nie of wil nie erken dat seksuele aktiwiteite en die inspuiting van straatdwelms MIV/VIGS kan oordra nie. Baie mense swem, bad, was klere en drink water uit strome, mere en watergate wat deur mense- en diere-afval besoedel is en wat moontlik die enigste beskikbare water is! Baie mense eet uit onkunde diere en ander organismes wat siektes oordra wat ook 'n faktor in die verspreiding van ernstige siektes is. Om na en van siekte-geëisterde gebiede te reis en in noue kontak te kom met siek mense en hulle persoonlike besittings, bevorder ook die verspreiding van aansteeklike siektes.

Motivering is 'n belangrike faktor met betrekking tot die bevordering van gesondheid en die voorkoming van siektes. Baie mense weet dat hulle hande behoorlik gewas behoort te word na urinering of ontlasting en voordat hulle kos voorberei of eet, maar hulle *handel* nie volgens daardie kennis nie. Die verandering van individuele gedrag is 'n groot uitdaging in die stryd teen siektes. Hierdie basiese kwessies moet aangespreek word voordat die las van siekte beëindig word en die stryd teen siektes gewen sal word.

'n Nuwe perspektief

Hoe kan 'n mens siekte en die gevolge van armoede uitskakel as daar nie geld is nie? Hoe oorkom 'n mens onkunde? Hoe motiveer 'n mens mense om anders te dink en anders op te tree? Hierdie is gewoonlik nie

binne die studieveld van mediese dokters, gesondheidsbeplanners, regeringsampnare of ekonome nie, maar tog is dit noodsaaklik om antwoorde op hierdie gebiede te kry om die las van siektes te beëindig.

Om hierdie take te kan verrig sonder om bloot net geld te bestee, sal ons ons benadering moet heroorweeg. Opvoeding moet uiteraard 'n belangrike rol speel om die onkunde uit die weg te ruim, maar hoe kan so 'n groot aantal mense gehelp word sonder om meer skole te bou, meer onderwysers in diens te neem of om nog meer regeringsampnare aan te stel? Wat 'n persoon *glo* is nóg 'n belangrike faktor om gedragsverandering te motiveer. Ons mag dalk vra: *Is daar al iemand wat geskik is om hierdie soort werk te verrig?*

Glo dit as u wil, maar godsdiensteleiers beklee 'n ideale posisie om onkunde uit die weg te ruim en gedrag te bevorder wat siektes kan oorwin. In baie lande het godsdiensteleiers weekliks kontak met 'n groot aantal mense en gewoonlik ook van alle ouderdomsgroepe. Hierdie leiers bevorder waardes wat persoonlike gedrag beïnvloed. Baie van hulle word reeds deur 'n privaat organisasie betaal en baie het onbaatsugtig hulle eie dienste en hulpbronne voorsien om hulp, soos muskietnette en geld vir waterputte te verleen.

Die vernaamste probleem is dat die meeste godsdiensteleiers nie die kragtige potensiaal van hulle posisie ten volle besef nie

en was ook nie *ten volle daarop voorbereid* om te funksioneer in hierdie belangrike rol om siektes te voorkom en gesondheid te bevorder nie. Die meeste geeste-likes, net soos baie ander mense in regerings en geneeskunde, dink die primêre rol van godsdiensteleiers is om die siekes te bemoedig en die bedroefdes te vertroos. Alhoewel dit help, sien hulle nie 'n ander *Godgegewe rol vir godsdienstige leiers* raak nie – 'n rol wat duidelik in die Bybel uiteengesit word.

Leersame beginsels uit die Bybel

In 'n vorige hoofstuk het ons die positiewe impak op menslike gesondheid nagegaan wat ons sou sien indien almal die opdragte van God met betrekking tot rein en onrein diere gehoorsaam. Die keuse om nie diere te eet wat nie vir menslike inname bedoel is nie, sal op sigself 'n beduidende bydrae lewer om die skade te verminder wat deur aansteeklike siektes aangerig word! Die Bybel se leiding hou egter nie daar op nie.

Bybelse vermanings wys ons ook daarop om kontak met diere wat doodgegaan het te vermy asook alles wat daarmee in aanraking was (sien Levitikus 11:32-40). Poreuse erdepotte wat moontlik besmet kon geraak het, moes vernietig word om te voorkom dat siektes versprei. Hierdie Bybelse voorskrifte stem ooreen met gesonde mikrobiologiese tegnieke en is belangrike prosedures om aansteeklike siektes te beveg.

Dit was die priesters se taak om hierdie beginsels aan die mense te leer en te verduidelik. Priesters moes diegene met aansteeklike siektes soos melaatsheid, masels, pokke en skarlakenkoors, wat deur veluitslag gekenmerk word, as onrein verklaar. Sulke individue moes van ander mense afgesonder word om die verspreiding van siektes te voorkom (sien Levitikus 13). Hierdie Bybelse riglyne is die basis van betroubare mediese *kwarantyn-prosedures* wat al eeue lank gebruik word. Daar is 'n goeie rede waarom “sosiale distansiering” en kwarantyn vroegtydige, kragtige instrumente was om die pandemie van die koronavirus van 2020 aan te spreek, want die Bybelse gesondheidsbeginsels om gesonde mense en siek mense van mekaar te skei, is *doeltreffend*.

Die Bybel se riglyne sluit die vermyding van kontak met die persoonlike items van siek mense in omdat dit kieme kan oordra (Levitikus 13:47-59). Besmette items is gewas of verbrand (wat mikro-organismes vernietig). Bybelse gesondheidsvoorskrifte was selfs op wonings van toepassing: 'n Huis met skimmel- of swamgroeï is in kwarantyn geplaas totdat die aangetaste materiale afgeskraap, vervang en met nuwe pleister bedek is en indien 'n huis nie skoongemaak kon word nie, moes dit gesloop word (Levitikus 14:33-48).

Hierdie opdrag sou baie help om die lewens van 25

miljoen mense in Latyns-Amerika te verbeter wat die risiko van Chagas se siekte [slaapsiekte] loop, wat jaarliks 8 miljoen mense besmet en die dood van 10,000 mense veroorsaak. Die siekte word veroorsaak deur die byt van 'n vampier-insek [*kissing bug*] wat in krake en gleuwe van armoedige wonings voorkom. Een van die pligte van 'n Levitiese priester was om gesondheid te bevorder en siektes te voorkom deur as 'n *bouinspekteur* en 'n *opvoedkundige vir openbare gesondheid* op te tree.

Die Bybel erken dat liggaamsvloeistowwe siektes kan oordra (Levitikus 15). Kontak met menslike afvalstowwe, neusafskeidings, tranes, speeksel of vuil handdoeke kan aansteeklike siektes versprei. Tragoma wat die resultaat van 'n bakteriese infeksie en die hooforsaak van voorkombare blindheid is, word versprei deur kontak met vuil handdoeke en met vlieë wat hulle eiers rondom die oë of op die afval van mense en diere lê. Mense wat met 'n siek persoon se vloeistowwe in aanraking gekom het, moes hulle hande en klere in water was, bad en tot die aand afgesonder bly van ander mense as voorsorgmaatregel teen die verspreiding van siektes (Levitikus 15:11). Dit was nie bloot seremoniële wette nie. Die doel van hierdie sanitêre wette was om gesondheid te bevorder en siektes te voorkom.

Een van die mees praktiese en kragtige Bybelse ver-

manings sê dat menslike afval weg van die woongebiede begrawe behoort te word (Deuteronomium 23:12-14). Dit verhoed dat afvalstowwe in kontak kom met mense, vlieë en ander organismes wat siektes oordra en dit bewaar die suiwerheid van watervoorraad. Ander belangrike voorkomingsmaatreëls is om skoene te dra en om nie menslike afval as bemesting te gebruik nie. Baie siektes soos diarree, ingewandsontsteking, haakwurm, rondewurm, cholera, hepatitis, tragoom en tifus spruit voort uit kontak met menslike afval.

Sanitêre verwydering van menslike afval en toegang tot skoon water is twee van die belangrikste maniere om siektes te voorkom. Sommige mense beweer dat indien hierdie twee doelwitte bereik kon word, byna 75% van Afrika se siektes sou verdwyn! God het Israel se godsdiensteleiers beveel om hierdie opdragte te bevorder, wat die gesondheid van die bevolking sou beskerm. Ongelukkig begryp hedendaagse godsdienstige leiers nie die belangrikheid van die geleentheid wat hulle het om Bybelse opdragte te voorsien wat gedrag kan aanmoedig om siektes te oorwin nie.

Verwarring oor besnydenis

Eeue gelede het God aan Abraham en sy nageslag, die Israëliete, opdrag gegee om hulle babaseuntjies op die agtste dag na geboorte te besny (Génesis 17:12-14; Levitikus 12:3). Dit is interessant dat

hierdie instruksie ooreenstem met wetenskaplike studies wat toon dat die bloedstollingsmeganisme van 'n baba moontlik eers op die agtste dag ten volle ontwikkel is, wat dit onverstandig sou maak om 'n chirurgiese prosedure vroeër uit te voer weens die gevaar van [moontlike] oormatige bloeding. Alhoewel sommige welmenende mense manlike besnydenis as barbaars beskou, toon die mediese wetenskap dat daar meer voordele as risiko's aan verbonde is. Seuns wat besny is, het 'n laer risiko vir urienweg-infeksies, manne wat besny is, doen minder prostaatkanker en kanker van die penis op. Vroue wat met mans getroud is wat besny is, het minder kans om servikale kanker te kry. Studies het getoon dat manne wat besny is, minder geneig is om MIV/VIGS en ander seksueel oordraagbare siektes op te doen of te versprei, omdat die verwydering van die voorhuid 'n omgewing uitskakel waarin die virus mag skuil. Terwyl Handeling 15 dit duidelik maak dat besnydenis nie meer 'n *geestelike* vereiste is nie, ondersteun mediese bewyse beslis die idee dat die besnydenis, soos dit in die Bybel voorgeskryf is, siektes kan voorkom en gesondheid kan bevorder.

Die praktyk van vroulike "besnydenis" is 'n heeltemal ander saak. Hierdie gruwelike praktyk is *nie* Bybels nie en moet nie verwar word met die Bybelse besnydenis van mans nie, waar slegs die voorhuid verwyder

word. In teenstelling hiermee is vroulike "besnydenis" glad nie besnydenis nie, maar 'n afskuwelike daad van liggaamlike skending waartydens 'n deel van die geslagsdele van 'n vrou grusaam verwyder word en nie net oortollige velweefsel nie. Vroulike "besnydenis" is waarlik 'n barbaarse verminking en het niks met Bybelse besnydenis te doen nie.

Liggaamlike insnydings en tatoeëermerke ook?

Verskillende heidense kulture het deur die geskiedenis heen die menslike liggaam "versier" met tatoeëring, insnydings, opsetlike littekens en ornamente wat ingesit is om lippe en oorlelle uit te rek. Hierdie liggaamsveranderings en misvormingspraktyke het egter die afgelope dekades 'n modegier in Westerse lande geword. Hoewel baie mense hierdie praktyke "liggaamskuns" noem, word die ernstige risiko's en gevolge van tatoeëring en eksotiese insnydings selde genoem of oorweeg.

God het ons vel ontwerp om as 'n beskerming teen siekteveroorusakende organismes te dien. Wanneer ons daardie versperring beskadig, skep ons die geleentheid vir bakterieë en virusse om toegang tot die weefsels onder die vel te verkry. Verskeie verslae waarsku dat tatoeëring en insnydings die risiko verhoog vir bakteriese velinfeksies, granulomas en siektes wat deur die bloedstroom versprei word soos klem-in-die-kaak, stafilokokke,

hepatitis en MIV, asook allergiese reaksies as gevolg van die stowwe en instrumente self. Baie mense het veral gewaarsku om nie tatoeëring of insnydings tydens swangerskap te laat doen nie, weens die risiko van infeksie en die oordrag van giftige elemente in tatoeëerpigmente na die fetus. Alhoewel tatoeëring en insnyding relatief goedkoop is om te laat doen, kan dit pynlik en duur wees om te verwyder, dit wil sê *indien* dit enigsins verwyder *kan* word. Selfs die "tydelike tatoeëermerke" wat met henna gedoen word, kan probleme veroorsaak en word nie deur die V.S. Voedsel- en Medisyne-administrasie goedgekeur nie.

God het Moses geïnspireer om aan die kinders van Israel, 'n volk wat God bestem het om 'n lig en voorbeeld vir die wêreld te wees, hierdie opdragte gegee: "Julle mag ook ter wille van 'n dooie geen snye in julle vlees maak nie en geen ingeprikte tekening in julle vel maak nie. Ek is die HERE" (Levítikus 19:28). Tatoeëring en insnydings in die vlees is ongesond en hou die risiko van aansteeklike siektes in, omdat dit die beskermende versperring verbreek wat die vel bied. God het die menslike liggaam "na sy beeld" gemaak (Génesis 1:27) en hierdie heidense godsdienstige gebruike, wat die liggaam mismaak het, veroordeel.

Daar is 'n rede waarom geneeskundiges, pasiënte teen tatoeëring en eksotiese liggaam-insnydings waarsku: Dit kan gevaarlik vir u gesond-

heid wees!

Morele wette voorkom aansteeklike siektes

Die Bybel definieer die huwelik as 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou (Matthéüs 19:4-6) en neem sterk standpunt in teen seksuele aktiwiteite buite die grense van die Bybelse huwelik, soos byvoorbeeld owerspel, hoerery en homoseksualiteit (Levítikus 18). In skille kontras met die moderne opvatting dat onbeperkte seksuele aktiwiteite bevrydend is, sê die Bybel ondubbelsinnig: “Hy wat owerspel pleeg, is sonder verstand” (Spreuke 6:32) en dat seksueel promiskue mense teen hulle eie liggame sondig (1 Korinthiërs 6:9, 16-18; Romeine 1:22-27). In die verlede het openbare beleid teen sulke gedrag moontlik moraliteit in gedagte gehad, maar die uitwerking daarvan was om die verspreiding van *seksueel oordraagbare siektes* te voorkom – met inbegrip van MIV/VIGS, wat die “plaag van die een-en-twintigste eeu” genoem word. Hedendaagse pogings om enige morele oorweging uit die openbare beleid te verwyder en om promiskuiteit as aanvaarbaar te normaliseer, help bloot om epidemiese siektes te bevorder. Die outydse raad, “voorkoming is beter as genesing” is grootliks vergete, maar dit is steeds goeie raad en is baie goedkoper in rande *en* lewens. Om seksuele aktiwiteit te beperk tot 'n man en

sy vrou binne 'n getroue monogame huwelik, is verreweg die beste manier om seksueel oordraagbare siektes te voorkom. Dit is die Bybelse boodskap wat God wil hê dat godsdiensteleiers moet oordra – maar dit is 'n boodskap wat deesdae dikwels geïgnoreer word.

Mediese studies openbaar redes vir die sterk Bybelse waarskuwings teen die seksueel losbandige lewenstyle wat aan die orde van die dag is. Talle verslae toon dat “homoseksuele en biseksuele mans ernstiger deur MIV geraak word as enige ander groep” en dat hulle “ook 'n groter risiko loop om ander seksueel oordraagbare siektes, soos sifilis, gonorree en chlamydia op te doen.” Wanneer die MIV-virus toegang tot die liggaam verkry het, verswak en vernietig dit uiteindelik die liggaam se immuunstelsel, wat tot VIGS lei en maak dat die persoon onderworpe is aan ander toestande en dodelike opportunistiese infeksies: longontsteking, tuberkulose, limfoom, Kaposi se sarkoma (kanker van bloedvatwande), gordelroos, breinvliesontsteking en demensie. Studies toon ook aan dat hoe meer seksmaats iemand het, hoe groter is die kans om MIV op te doen, wat dan weer die risiko's verhoog om ander aansteeklike siektes op te doen en op 'n jonger ouderdom te sterf. Aangesien daar geen geneesmiddels teen MIV/VIGS is nie, erken mediese bronne die belangrikheid daarvan dat

gevaarlike en riskante gedrag uitgeskakel word: Moenie veelvuldige seksmaats hê nie, moenie naalde en spuite deel nie (soos dié wat gebruik word om dwelms in te spuit), moenie seks hê met prostitute nie en wees daarop bedag dat tatoeëernaalde moontlik nie steriel is nie. Hierdie mediese advies getuig van die wysheid van antieke Bybelse voorskrifte wat hoë-risiko-gedrag verbied wat ernstige gevolge het, soos hoerery en owerspel, homoseksualiteit en ander gevaarlike aktiwiteite.

Die duidelike bedoeling van baie Bybelse beginsels is om *probleme te voorkom voordat dit opduik*. Spreuke 22:3 sê: “'n Skrandere mens sien die onheil en verberg hom, maar die eenvoudiges gaan verder en word gestraf.” Vanuit 'n openbare gesondheidsperspektief kan die meeste siektes voorkom word en lewens en geld bespaar word deur vroegtydig wyse voorsorg te tref.

Die toekomstige herstel

Die Skrif verduidelik dat Satan die hele wêreld verlei/mislei het (Openbaring 12:9) en dat leiers dikwels blind is vir ooglopende oplossings (Jesaja 56:10; Matthéüs 15:14). Die teoloë en pastore van vandag is meestal onbewus van die rol wat hulle sou kon speel deur mense te leer om te onderskei tussen rein en onrein voedsel, met betrekking tot die voorkoming van siektes en die bevordering van gesondheid, asook in

'n Dag om te onthou in 'n jaar van verandering

Deur John Meakin

Brexit is afgehandel! Met die verkryging van hulle vryheid, het die Verenigde Koninkryk se uitdagings groter as ooit geword. Sal hierdie eens magtige nasie hulle weg vorentoe vind?

Die laaste dag van Januarie 2020 sal lank onthou word as die dag toe die Verenigde Koninkryk uiteindelik die Europese Unie verlaat het. Die VK kon oor 'n tydperk van 47 jaar nie tot 'n besluit kom met betrekking tot lidmaatskap in die dinamiese veranderende EU nie. Die VK was tevrede om die *ekonomiese voordele* met die ander soewereine nasies van Europa te deel – dit is waarom hulle aangesluit het. Hulle wou egter nooit hulle soewereiniteit aan 'n *politieke organisasie* afstaan wat op pad was om 'n *pan-Europese, federale superstaat*, wat effektief onder Duitse beheer sou staan, te word nie.

Wat is dus volgende vir die VK? Wat hou die toekoms in? Wat kan ons leer indien ons hierdie gebeure in 'n Bybelse, profetiese konteks plaas?

Eerste Minister Boris Johnson het gehoop dat sy land 'n opwindende tyd van nasionale vernuwing sal betree. Sal hierdie geskiedkundige datum egter gesien word as 'n wegspringplek vir groter welvaart, om nog 'n hoofstuk in die voortgesette suksesverhaal van hierdie eilande te skryf? Mag 31 Januarie 2020 dalk eendag erken word as die keerpunt toe agteruitgang en marginalisering plaasgevind het en die voorspoed van die VK omgekeer is – die verhaal van 'n volk wat bevry is slegs om alleen rondgeslinger te word op die

stormagtige oseaan van internasionale gebeure wat kragtig gewerk het in botsing met sy belange?

Groot verwagtings ...

Die groot Brexit-waagstuk was dat, deur weg te breek van die EU, die VK sy soewereiniteit en beheer oor sy eie bestemming sou herwin, met politieke mag wat sou terugkeer na 'n herleefde Moeder van Parlemeente in Londen. Dit sou beheer oor immigrasie by sy grense terugkry. Ekonomiese produksie sou onverpoos kon voortduur. Die VK sou handelsooreenkomste met enige land kon aangaan, met die vooruitsig om 'n vinnig-groeiende, ekonomiese middelpunt van wêreldhandel te word – onbelemmerd deur die EU se lompe burokratiese beperkings. Britse viswaters sou weer onder nasionale beheer wees. Londen sou die voortrefflike internasionale finansiële sentrum bly wat Europa en die wêreld bedien. *Wat kon moontlik verkeerd gaan?*

Daar word verwag dat Europa “hand en tand” sal veg vir elke voordeel gedurende die uitdagende jaar van onderhandelings wat begin het nadat Brexit plaasgevind het, om 'n nuwe handelsooreenkoms tussen die twee entiteite te bewerkstellig. Van sy kant af het die Verenigde Koninkryk dit duidelik gemaak dat indien daar

geen ooreenkoms teen 31 Desember 2020 is nie, hulle sal wegstap en in plaas daarvan die reëls van die Wêreldhandelsorganisasie nakom – wat dalk nie in die beste belang van enigeen van die partye mag wees nie. Met die gedugte vaardighede van 'n vasberade premier en sy onderhandelingspan, wat gesteun word deur 'n stewige parlementêre meerderheid, bemark baie waarnemers dat die VK in 'n sterk posisie is wat onderhandelings betref.

Gedurende hierdie oorgangstydperk sal die VK deel bly van die EU se Doean-Unie en onder die jurisdiksie wees van die Europese Hof van Justisie. Hulle sal nog steeds betalings in die EU-begroting maak, hoewel hulle nie meer 'n stem sal hê in die ontwikkeling van die EU-beleid nie. Gibraltar sal weer onder die soeklig kom en Frankryk sal voortgesette toegang tot die Britse viswaters eis. In die wêreld van finansies sal dit moontlik nodig wees vir Londen om voor te berei vir 'n ekonomiese aanval, wanneer die EU waarskynlik sal probeer om groot dele van Europese handel vanaf Londen na Frankfurt te verskuif.

... Asook uiterste uitdagings

Nie Brittanje of die EU. het hulle kon voorstel dat wêreldtoestande so vinnig sou versleg nie. Skielik het daar 'n *wêreldwye krisis ontstaan* – 'n

Vervolg op bladsy 26

Eis God se beloftes!

Deur Richard F. Ames

In 'n tyd van wydverspreide vrees soek mense na vrede, gesondheid en veiligheid. Soek hulle egter op die regte plek en soek hulle die finale Bron van ware welvaart?

Vroeg in 2020, toe mense regoor die Verenigde State vir die eerste keer aangesê is om “sosiale distansiëring” te beoefen en om groot groepe mense te vermy, het baie van hulle reageer deur “paniek-aankope” te doen. Winkelrakke is gestroop van allerhande items wat mense gedink het hulle dalk nodig sou kry terwyl hulle in isolasie is. Op sosiale media was daar volop foto's van leë winkelrakke wat net 'n paar oomblikke tevore 'n voorraad van honderde rolle toiletpapier of handreinigers gehad het. Die supermark in u buurt se groente was dalk uitverkoop, terwyl 'n ander winkel aan die anderkant van die stad moontlik nie meer vleis gehad het nie. Was u op soek na bleikmiddels of handreinigers, was u kanse so te sê nul.

Uit vrees het mense gestorm om te gryp wát hulle kon, terwyl hulle kon. Intussen kon die paar mense wat vooruit beplan het vir 'n tyd soos hierdie en wat reeds 'n paar weke se noodvoorrade opgegaan het, rustiger reageer. Hoeveel van hierdie mense het egter onthou om die mees waardevolste voorrade van alles op te eis?

Die voorrade waarvan ek praat, is die beloftes wat regdeur u Bybel gevind kan word. Dit is God se geskenk aan u en dit kan

aan u gee wat al die materiële dinge in ons wêreld nie kan doen nie. Anders as die ware op 'n winkelrak, is God se voorrade onuitputlik en van onskatbare waarde!

Sy belofte van oorvloed

Hoeveel mense weet dat Jesus Christus 'n wonderlike belofte gemaak het en wát die doel van Sy koms was? “Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê” (Johannes 10:10). Die belofte is daar in u Bybel en indien u soos die meeste mense is, besit u waarskynlik ten minste een Bybel. In 'n opname wat in April 2019 in opdrag van die Amerikaanse Bybelgenootskap gemaak is, is bevind dat 84% van alle Amerikaanse huishoudings ten minste een Bybel besit. Ongeveer 39% van dié mense wat ondervra is, het gesê dat hulle die Bybel minstens een keer per week lees (“*State of the Bible 2019*”, *American Bible.org*). Natuurlik lees baie mense asook baie intekenaars op die *Wêreld van Môre* die Bybel daaglik. Net soos Jesus ons aanmoedig om te bid: “... gee ons vandag ons daaglikse brood” (Matthéüs 6:11), behoort ons elke dag van God se Woord te “eet”.

Watter vertaling behoort u egter te gebruik? Indien u op soek is na 'n Bybel of probeer

besluit watter een van u Bybels om te gebruik, beveel ons by die *Wêreld van Môre* oor die algemeen die Ou Afrikaanse Vertaling vir Afrikaanssprekende mense en die *New King James*-weergawe vir Engelssprekende mense aan, aangesien dit in alle opsigte die mees akkurate vertalings is. Alhoewel ander tale en vertalings ook nuttig kan wees wanneer u dieper in u studie van die Bybel wil delf.

Om net 'n Bybel te besit is natuurlik nie genoeg nie. Alhoewel die meeste mense een of meer Bybels het, is hulle kennis van die Skrif maar gebrekkig. In 'n opname wat in Februarie 2019 deur die *Pew Research Centre* gemaak is, word bevind dat 49% van respondente nie geweet het dat Jesus die Man is wat die “Bergpredikasie” gelewer het nie. In 'n Pew-verslag van April 2017 is opgemerk dat slegs 45% van die Amerikaners wat ondervra is, die name van die vier Evangelies geken het. Natuurlik is selfs kénnis nie voldoende as ons nie glo en handel volgens ons oortuigings nie. In 'n Gallup-opname van Mei 2017 is bevind dat slegs 24% van Amerikaners die Bybel as die “werklike Woord van God” beskou wat minder is as die 26% wat dit beskou as 'n “boek van fabels, legendes, geskiedenis

en morele opdragte wat deur mense opgeteken is". (*Record Few Americans Believe Bible Is Literal Word of God*, "Gallup.com, 15 Mei 2017).

Indien u u Bybel lees en *glo*, sal u leef volgens dit wat u lees. U sal nie soos die ryk jongman wees wat vir Jesus Christus gevra het wat hy behoort te doen om die ewige lewe te hê nie. Jesus het gereageer deur te sê: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie. Hy [die jongman] vra Hom: Watter? En Jesus sê – dit: Jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie egbreek nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie; eer jou vader en moeder; en: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matthéüs 19:17-19).

Die jongman was trots en het gesê dat hy die Gebooie wat Jesus opgenoem het, lankal reeds onderhou. Jesus toets hom toe aangaande die Tiende Gebod. Sou hy sy aardse skatte prysgee in ruil vir die ware skat in die hemel (Matthéüs 19:21)?

Ongelukkig het die jongman in Matthéüs 19 "bedroef weg-gegaan" (vers 22) en verkies om nie Christus se woorde te gehoorsaam nie. Hy was te geheg aan sy "baie besittings" en kon nie insien dat hy die Tien Gebooie nie volledig gehoorsaam het nie en ook nie gehoorsaam was aan Jesus Christus wat hom hierdie Gebooie gegee het nie.

Ja, Jesus het vir die jongman gesê om die Tien Gebooie te gehoorsaam! Hy het vyf van die Tien Gebooie

opgenoem en indien iemand sou dink dat Hy toestemming gegee het om die ander Wette te oortree wat nie opgenoem is nie, het Hy geëindig deur uit die boek Levitikus aan te haal: "...maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Levitikus 19:18).

Sy Gebod met 'n belofte

Hier het Jesus daarop gewys dat die Tien Gebooie noodsaaklik is, nie net in ons fisiese lewens nie, maar ook om die ewige lewe van God te kan ontvang. Ons behoort daarop te let dat die Tien Gebooie nie net verbodsbepalings is nie; die vyfde Gebod wat sê dat ons ons ouers moet eer, word selfs "die eerste gebod met 'n belofte" genoem (Efésiërs 6:2). God sê aan ons dat diegene wat die Vyfde Gebod gehoorsaam, seëninge sal ontvang! Eer u u ouers? Kan u dalk help om te voorsien in behoeftes wat hulle dalk mag hê? Het u hulle bedank vir hulle sorg?

Moontlik is ons onder moeilike omstandighede groot-gemaak. Soms eer ons ons eiewys ouers, deur te weier om hulle sondige gedrag na te volg, maar kan u hulle ook eer vir enige goeie dinge wat hulle dalk gedoen het, selfs al was hulle nie die "beste ouers" wat hulle kon gewees het nie? Dit mag soms moeilik wees om ons ouers te eer, maar God het aan ons seëninge beloof indien ons dit sou doen!

Ongelukkig kon die ryk jongman nie die Tiende Gebod nakom nie. Wat het hy dus prysgegee as gevolg daarvan?

Hy het vertrou gehad in sy rykdom, maar wat was hy besig om mis te loop? Wanneer u u Bybel lees sal u die beloftes van God ontdek wat die seëninge van fisiese sekuriteit insluit – maar ook van sóveel meer. Sy beloftes aan diegene wat daarna streef om Sy Gebooie te onderhou, sluit onder meer in:

Om ons gebede te beantwoord (Matthéüs 7:7-8)

Om in al ons behoeftes te voorsien (Filippense 4:19)

Om leiding te gee in ons lewens (Spreek 3:5-6)

Om aan ons ons hartsbegeertes te gee indien ons 'n welbehag in Hom het (Psalm 37:4-5)

Die vermoë om beproewings te verduur (1 Korinthiërs 10:13)

Die Gawe van die Heilige Gees (Handelinge 2:38; Lukas 11:13)

Die gawe van Sy liefde (Romeine 5:5)

Vergifnis van ons sondes na bekering (Handelinge 2:38)

Die ewige lewe (1 Johannes 2:25)

Een van die kosbaarste beloftes en tóg een van die beloftes wat die meeste oor die hoof gesien word, word gevind in die sendbrief aan die Filippense. Indien u gemoedsrus wil hê in ons moeilike tye, sal u wil handel volgens hierdie belofte: "Wees oor niks besorg nie, maar laat

julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus” (Filippense 4:6-7). Ja, God wil hê dat u bid oor u begeertes en behoeftes, asook om Hom te bedank vir u vele seëninge.

Is daar iets wat vir u baie spesiaal is – iets baie persoonlik – wat u graag wil hê? Dink aan hierdie antieke woorde van koning Dawid van ouds: “Vertrou op die HERE, en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid, en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart” (Psalm 37:3-4). Ek het dit sêlf onder-ind. Ek het 'n diepe begeerte gehad om die land Israel te besoek en het *vir baie jare* daarvoor gebid. Ek het God vertrou dat Hy my gebed sou beantwoord, maar dit het van Hom afgehang presies *wanneer* Hy dit sou doen. Werklikwaar, na letterlik jare van gebed, het daar 'n geleentheid vir my opgeduik om Israel toe te gaan! Nadat ek daarvan gehoor het, het ek letterlik van blydschap gespring! Sedert daardie eerste besoek was ek al 'n paar keer terug en het ek God altyd dankbaar gebly vir die vervulling van hierdie begeerte van my hart. Omdat ek op Hom vertrou en met vreugde Sy wil doen (met die noodsaaklike hulp van die Heilige Gees), weet ek dat Hy gehoor sal gee aan my gebede. Ons God hou by Sy beloftes!

Wanneer u die Bybel lees, sal u ontelbare beloftes vind wat

God aan u gemaak het. Vertel aan God in gebed en op u knieë, hoe graag u wil hê wat Hy beloof het en hoe *nodig* u dit het. Bid met vrymoedigheid. Onthou hierdie Skrifgedeelte: “Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Hebreërs 4:16). Moenie skaam wees nie. Soos Jakob wat met God geworstel het (Génesis 32:24-32) of soos die volhardende weduwe (Lukas 18:1-8), gebruik u gebede om God daaraan te herinner dat Hy aan u hierdie beloftes gegee het. Vra God met vrymoedigheid, maar nederig en in geloof om hierdie beloftes in *u* lewe te vervul!

Sy beloofde Koninkryk

'n Kas vol toiletpapier kan aan sommige mense 'n gevoel van sekuriteit gee. Vir ander mense mag sekuriteit uit hulle aandeleportefeulje of bankbalans kom. Baie mense voel onseker, maar selfs diegene wat 'n mate van fisiese sekerheid het, kom voor 'n belangrike vraag te staan: Wat het dit hulle eintlik gebaat? Sal hulle word soos die ryk jongman van Matthéus 19, wat meer waarde aan sy rykdom geheg het as aan sy God? Jesus se volgelingen soek na 'n ewige skat – die Koninkryk van God. Jesus het beloof: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Matthéus 6:33). Diegene wat fisiese, materiële skatte najaag,

se soektog is dikwels tevergeefs. Indien ons die Koninkryk van God en Sy geregtigheid soek, sal ons die grootste skat van almal vind en God *beloof ook om ons te voorsien van wat ons nodig het*.

Wanneer u waarlik God se wil nastreef, sal Hy u gebede verhoor. “Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal ooggemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal ooggemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!” (Matthéus 7:7-11).

Natuurlik moet ons óns deel doen. Dit is nodig dat ons “soek” en “klop”. Is u besig om werk te soek? Ja, dan bid u vir 'n werk. God kan verwag dat u self navorsing doen met betrekking tot potensiële werkgewers asook dat u 'n paar oproepe maak. Soek God se geregtigheid en doen wat reg is deur God se Gees.

Die Bybel vergelyk God se Koninkryk met 'n waardevolle pèrel. “Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n koopman wat mooi pèrels soek; en toe hy een baie kosbare pèrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit” (Matthéus 13:45-46). Die pèrel wat van groot waarde is, verteenwoordig

geestelike rykdom en die ewige lewe. Die mens leer nog steeds die moeilike les dat geen mate van materiële rykdom, blywende geluk kan bring nie. Ons sien dit in die lesse wat koning Salomo geleer het. Hy het alles gehad, maar regdeur die boek Prediker vind ons dat hierdie tema herhaal word: “Alles tevergeefs, sê die Prediker, alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs!” (Prediker 1:2). Salomo was die rykste man op aarde, maar sy rykdom het hom nie tevredenheid besorg nie. Tot watter gevolgtrekking het hy gekom nadat hy op soveel maniere na geluk gesoek het? “Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense” (Prediker 12:13).

Sy beloofde skat

Soos Christus ons geleer het en soos Salomo uitgevind het, is die ware rykdom selfs beskikbaar vir diegene wat dalk finansiële arm is. Gee u eer en aandag aan diegene met 'n gesonde bankbalans, terwyl u diegene verwaarloos wat finansiële probleme het? Verwaarloos u diegene wat deur God hooggeag word? Die apostel Jakobus herinner ons: “Luister, my geliefde broeders – het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgename van die koninkryk wat Hy beloof het aan die wat Hom liefhet nie?” (Jakobus 2:5).

God het Sy Koninkryk nie beloof aan dié wat oor groot finansiële hulpbronne beskik nie, maar eerder aan hulle wat Hom liefhet. Al mag hulle

armoedig wees in die oë van hierdie wêreld, het diegene wat ryk is aan geloof die regte rykdom – die ware skat. Hulle soek God se weg in hulle lewens en God se weg is die ware skat, soos ons in Spreuke lees: “My seun, as jy my woorde aanneem en my gebooie by jou bewaar, sodat jy jou oor laat luister na wysheid, jou hart neig tot verstand; ja, as jy na die insig roep, na die verstand jou stem verhef, as jy daarna soek soos na silwer en dit naspour soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind (want die HERE gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand” (Spreuke 2:1-6).

Diegene wat die skat van goddelike wysheid ontvang, ontvang 'n wonderlike belofte wat hulle lewens én hulle ewige toekoms kan verander. Soos die apostel Petrus skryf: “Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! IMMERS, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is” (2 Petrus 1:2-4).

Ja, Sy goddelike krag het aan ons groot en kosbare beloftes gegee. “En aan Hom wat mag het om te doen ver bo

alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk” (Efésiërs 3:20). Ons moet egter ywerig wees om die “krag wat in ons werk” naamlik die Heilige Gees te gebruik en deur dit te doen, sal ons meer daarvan ontvang. Wanneer ons ongehoorsaam is aan God en Sy leiding en Sy genade verwerp, kan ons selfs die Heilige Gees in ons “blus” (1 Thessalonicense 5:19). Ons behoort eerder dankbaar te wees vir God se gawe van die Heilige Gees en dit aanwakker deur dit voortdurend te gebruik.

Sy beloofde Gees

Wil u die goddelike natuur in u lewe hê? Omdat ware Christene die Heilige Gees van God ontvang het, is aan hulle 'n mate van daardie goddelike aard gegee. Hierdie is een van die Bybel se kosbaarste beloftes. Op Pinksterdag het die apostel Petrus voor duisende mense gestaan om te preek. “En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep” (Handelinge 2:38-39).

Indien u voel dat God u roep, is dit nodig dat u op Sy roeping reageer! Bekeer u, bereken die koste van so 'n verbintenis (Lukas 14:28) en gaan na God in gebed en vra vir Sy leiding. Dalk voel u dat u gedoop behoort te word. Indien u raad wil hê oor die

doop, kontak die naaste streekkantoor. Die lys kan gevind word op bladsy 2 van hierdie tydskrif en 'n ware dienaar van Jesus Christus sal met u in verbinding tree op 'n tyd en plek wat u pas, om met u te beraadslaag en u te help om voor te berei vir daardie verbintenis.

Sonder God se Gees kan ons nie Sy Koninkryk beërf nie. Soos die apostel Paulus skryf, daardie Gees is die gees “van krag en liefde en selfbeheersing” (2 Timótheüs 1:7). Deur God se Gees kan u menslike natuur verander word en kan u waarlik begin om God te volg en na Hom te luister. Soos Paulus skryf: “... en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is” (Romeine 5:5). Deur God se Heilige Gees kan u u selfsugtige menslike natuur vervang met God se liefdevolle natuur.

Ware Christene ontvang volgens Sy belofte die gawe van God se Heilige Gees ná bekering en aanvaarding van die gestorte bloed van Christus tot vergifnis van sondes. Hierdie geskenk sluit God se wonderlike

belofte van verlossing deur die lewende Jesus Christus in. “Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. Want nouliks sal iemand vir 'n regverdigte sterwe – vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe – maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn. Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is” (Romeine 5:6-10). Ja, die wonderlike belofte van God is dat Hy ons sal red deur die lewende Jesus Christus – ons groot Hoëpriester wat namens ons intree. God is liefde en Hy is die grootste gewer (Jakobus 1:17). Hy wil selfs die aarde as 'n erfenis aan ons gee (Matthéüs 5:5). Uiteindelik beplan God om aan ons nog 'n groter geskenk te gee: “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees”

(Openbaring 21:7).

Die “geloofshoofstuk” in u Bybel, Hebreërs 11, vertel aan ons van God se getroue knegte wat volhard het in hulle geloof, ten spyte van gevare en struikelblokke rondom hulle. Wat het hulle in gemeen gehad? Hulle was “vreemdelinge en bywoners” in 'n samelewing wat die ware God meestal verwaarloos of verwerp (Hebreërs 11:13). Hulle het as “gesante” van die Koninkryk van God geleef (2 Korinthiërs 5:20). Alhoewel hulle nog nie die uiteindelijke belofte van God ontvang het nie – die opstanding in die Koninkryk van God as egte lede van Sy gesin – het hulle die beloftes ontvang wat gepaardgegaan het met hulle geloof.

Christene van vandag behoort en kan en *moet* ook God se beloftes opeis. Daardie beloftes is nie net vir die helde van geloof waarvan u in u Bybel lees nie – dit is ook vir u! Deursoek u Bybel daagliks en namate u nader aan God kom, bedank u Hom vir die veelvuldige groot en kosbare skatte wat Hy wil hê dat u opeis!

WYM

Die ware God: bewyse en beloftes

Waarom is die God van die heelal nie vandag vir mense *werklik* nie?

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Wanneer die wêreld-ekonomie griep kry

Deur Dexter B. Wakefield

In die geskiedenis sal daar opgeteken word dat die wêreld in 2020 dramaties teen 'n asemrowende tempo verander het. Die asemhalingspatogeen wat nou bekend is as COVID-19, het sedert dit die eerste keer in Wuhan, China waargeneem is, met 'n kommerwekkende spoed na gemeenskappe regoor die wêreld versprei. Dit word 'n "nuwe" vorm van koronavirus genoem omdat geen mens dit al voorheen opgedoen het nie en gevolglik het niemand immuniteit daarteen ontwikkel nie. Die katastrofiese uitwerking wat dit op die wêreld-ekonomie het, sal waarskynlik 'n koers inslaan wat ongekend in die moderne geskiedenis is.

Hotelle het baie van hulle besigheid verloor, sportbyeenkomste is gekanselleer, lugdienste het al hulle vlugte drasties verminder en byeenkomste van meer as net 'n paar mense is ontmoedig of selfs verbied. Stede is in hulle geheel ingeperk en aansienlike boetes is opgelê aan diegene wat nie met die owerhede saamgewerk het nie. Ondernemings word gedwing om werkers af te lê ten einde kop bo water te hou en dus is verbruikersbesteding besig om te daal.

Wat gebeur wanneer hele segmente van die ekonomie hulle besighede sluit of hulle aktiwiteite aansienlik verminder? Die ekonomieë van China, Europa en Noord-Amerika kan dalk in die komende maande met 10% of meer afneem en regerings sukkel om te vergoed vir die daling vir beskikbare likiede bates. Sonder enorme

besteding van die owerheid mag burgers moontlik nie in staat wees om die verspreidende ekonomiese pes vry te spring nie, maar invorderings van belasting om vir sodanige uitgawes te betaal, is egter laer as gevolg van laer ekonomiese aktiwiteite. Nasionale tekorte is besig om vinnig toe te neem en veroorsaak gevolglik nasionale skuld.

Om die kurwe af te plat ...

Een van die gevaarlikste gevolge van die COVID-19-virus is akute respiratoriese nood-sindroom ("ARNS"), waartydens vloeistof in die lugsakkies van die longe opbou. Dit is dikwels nodig om diegene wat aan ARNS ly, aan 'n ventilator te koppel deur middel van 'n buis wat in hulle lugweg geplaas word – 'n prosedure wat gewoonlik in 'n intensiewe sorgeenheid plaasvind. ARNS lei dikwels tot die dood.

Waar hulpbronne vir behandeling beperk is, moet dokters baie moeilike besluite neem. Reeds vroeg in die krisis het dokters in Italië gevind dat hulle nie genoeg ventilators het om die tempo van die verspreiding van die infeksie te hanteer nie. Hulle was dus verplig om te besluit wie sou lewe en wie sou sterf. Vervaardigers het hulle gehaas om meer ventilators te vervaardig om aan die wêreldwye aanvraag te voldoen, maar Italië sal waarskynlik nie die enigste land wees om voor hierdie verskriklike dilemma te staan te kom nie.

Namate infeksies toeneem, kan die aantal mense wat

hospitalisasie en intensiewe sorg nodig mag hê, maklik die beskikbare mediese fasiliteite oorweldig. Dit is uiters noodsaaklik om die infeksiekoers van 'n skerp opwaartse styging na 'n hanteerbare tempo te verlaag of om "die kurwe af te plat" om te verseker dat wanneer mense die infeksie opdoen, daar gesondheidsorg beskikbaar sal wees om hulle te behandel.

Teen hierdie tyd is baie mense vertrouwd met sommige van die tegnieke wat gebruik word om die kurwe af te plat. Een daarvan is die praktyk van sosiale distansiëring – om kontak met ander mense te vermy, sodat die oordrag van die siekte van een persoon na 'n ander moeiliker word. Dit help ook om getrou goeie higiëne te beoefen – soos om hande gereeld en deeglik te was en om nie ons gesig met ons hande aan te raak nie.

Sulke maatreëls beëindig nie 'n pandemie nie, maar kan dit vertraag, wat die druk op beperkte bronne van hospitale verminder en mediese fasiliteite tyd gee om gereed te maak vir 'n groter aantal pasiënte. Dit gee navorsers ook tyd om na behandelings of selfs genesing daarvoor te soek. Groot en klein regerings het gereageer deur maatreëls vir inwoners in te stel om eerder "by die huis te bly" in 'n poging om die krisis in gesondheidsorg te hanteer waaronder hulle gebuk gaan.

Dit mag dalk die ekonomie verbrysel

Namate regerings hulle grense gesluit het, is die handel en ander sakebedrywighede

regoor die wêreld heen op 'n gevaarlike afdraande pad en 'n wêreldwye resessie het 'n groot moontlikheid geword. Die opkoms en ondergang van nasies vind plaas onder soortgelyke omstandighede. Dit is ook bekend dat wankelrige regerings militêre konflikte veroorsaak met die doel om hulle burgers se aandag van moeilike interne toestande af te lei. Moontlik sal die moeilikste en blywendste resultaat van hierdie maatreëls die toename in soewereine skuld wees, met ander woorde, die binnelandse en buitelandse skuld van die nasies. Nasionale skuld skiet die hoogte in, in die lande wat die ergste geraak word en in baie lande is die vermoë beperk om skuld en rente te delg. Ernstige ekonome bespreek maniere om groot hoeveelhede soewereine skuld te kanselleer of af te skryf. Beleggers is besig om hulle tot veilige Amerikaanse tesourie-effekte te wend en baie mense hou eenvoudig hulle kontant-geld.

Die Verenigde State en ander lande probeer om 'n likiditeitsprobleem af te weer wat wêreld-ekonomieë in duie kan laat stort, soos tydens die Groot Depressie. Die V.S. het 'n finansiële program van 'n multi-biljoen dollar ingestel en die V.S. Federale Reserweraad en ander nasies se bankstelsels is besig om finansiële stelsels te versterk. Dit is belangrik om daarop te let dat sulke stappe nie net Amerika se nasionale skuld en die waarde van sy geldeenheid beïnvloed nie, maar ook dat 'n groot deel van wêreldhandel in die V.S. dollar gedoen word. "Uncle Sam" doen niks wat nie wêreldwye gevolge het nie.

China het ernstige maatreëls ingestel om die aanvanklike verspreiding van die COVID-19-virus te vertraag. Die

Chinese ekonomie dra egter 'n beduidende deel by tot die wêreld se verskaffingsnetwerk en die nasie se interne ont-wrigting van produksie het uitgekring na wêreld-ekonomieë en het sekondêre ont-wrigting veroorsaak. China werk onder 'n staatsgebaseerde ekonomie wat veronderstel is om kragtige ekonomiese groei teweeg te bring – 'n veronderstelling wat 'n uitdaging sal wees in 'n wêreld wat nou afhanklikheid van Chinese produksie in twyfel trek. COVID-19 veroorsaak 'n groot, onbeplande ekonomiese in-krimping. Ekonomie was in die verlede gerusgestel deur China se stewige dollarreserwes, maar China se enorme binne- en buitelandse skuld is nou 'n groot bron van kommer. China se bankstelsel is veral kwesbaar.

Sommige nasies ondervind ook dat hulle landsburgers wil hê dat nasionale verskaffings-netwerke na hulle lande teruggebring word, wat hulle minder afhanklik sal maak van die lae-koste Chinese arbeid en goedere. Terwyl sulke stappe beslis 'n groot impak op China self kon hê, maak die feit dat die land lank reeds 'n sentrale rol in 'n groot gedeelte van die wêreld se produksie gespeel het, dit moeilik om te voorspel wat die uiteindelijke wêreldwye ekonomiese en politieke gevolge gaan wees van hierdie repatriasiepogings.

In 'n sekere sin het die wêreld-ekonomie sy eie virus en die vraag is nie meer *of* dit siek is nie. Die vraag is *hoe siek* gaan dit word en *hoe lank* gaan dit neem om te herstel. Voorlopig sal die nasionale ekonomieë in die finansiële ekwivalent van intensiewe sorg geleë wees. Die geskiedenis is duidelik: Tye soos hierdie is ryp vir charismatiese leiers om in te gryp en die beheer oor hele nasies oor te neem. 'n

Invloedryke leier wat verligting belooft van die gevolge van hierdie gebeure, kan na vore kom en baie gou groot steun verwerf, veral as die ekonomie nie vinnig herstel nie, maar in plaas daarvan 'n lang en moeilike tyd van herstel betree, soos dit die geval was ná die ineenstorting van 2008.

'n Moeilike keuse

Nasionale leiers word gekonfronteer met moeilike keuses, aangesien die sterkste maatreëls teen die virus onvermydelik lande se ekonomieë sal onderdruk. Sodra die infesiekurwe genoeg afgeplat is sodat mediese fasiliteite die aantal siek mense kan hanteer, sal politici ongetwyfeld hulle aandag op die herstel van hulle ekonomieë vestig. Dit sal die beëindiging of verslapping van baie aspekte van sosiale distansiëring beteken, aangesien baie mense of almal toegelaat sal word om terug te keer werk toe. Hou egter in gedagte dat die afgeplatte infesiekurwe nie noodwendig beteken dat minder mense geïnfekteer is nie – dit beteken net dat die infesies oor 'n langer tydperk versprei word. Dit sal beteken dat nuwe infesies vir *langer* tydperke sal voorkom en dat miljoene bykomende infesies kan volg. Die tye wat voorlê sal inderdaad 'n groot uitdaging wees.

Elke nasie is besig om hierdie pandemie te hanteer met die middele tot sy beskikking, maar daar is baie onsekerhede. Hoe die verskillende nasionale ekonomieë egter verdere skokke sal hanteer is onbekend, maar u kan daarop staatmaak dat hierdie tydskrif u op hoogte sal hou van wat dit alles beteken.

WvM

Vervolg vanaf bladsy 14 – Aansteeklikheid: Oorwin aansteeklike siektes

mense se gedrag (Eségiël 22:26).

Daar kom egter 'n tyd wanneer die hele wêreld sal leer om volgens die Wette van God te leef en daarby sal baat. Die Bybel openbaar dat alhoewel die “hele skepping tesame sug” (Romeine 8:18-22), 'n “wederoprigting van alle dinge” net om die draai is (Handelinge 3:19-21). Jesus Christus sal na die

aarde terugkeer om die Koninkryk van God te vestig en die Wet van God sal vanuit Jerusalem aan die hele wêreld verkondig word (Jesaja 2:2-4; 9:6-7). In hierdie toekomstige Koninkryk sal die Kerk en staat verenig wees (Openbaring 5:10). Jesus Christus en die heiliges sal alle mense leer om die Wette en insettinge van God te gehoorsaam (Jesaja 30:20-

21) en die mensdom sal die wonderlike resultate ervaar wanneer hulle hul gedrag verander. Die stryd teen siekte sal gewen word en siektes sal begin verdwyn (Jesaja 35:5-6; Jeremia 30:17). Alhoewel dit ongelooflik klink, is dit deel van die Evangelie – die goeie nuus van wat die toekoms inhou! **WVW**

Wat is 'n ware Christen?

Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulle self “Christelik” noem! Tog het hulle almal basiese verskille.

Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet wat 'n ware Christen is?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

U uiteindelijke Lotsbestemming

Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Begrip van die komende profetiese plaë

Deur Wyatt Ciesielka

Waarom het God die COVID-19 pandemie toegelaat? Volgens profesie sal daar pessiëktes kom – is hierdie een daarvan? Waarom laat God lyding toe soos oorlog, hongersnood en siektes – veroorsaak Hy dit doelbewus in sommige gevalle? Maak dit alles sin?

Daar is wel antwoorde op hierdie vrae, maar om dit te begryp, moet ons eers twee lewensbelangrike waarhede verstaan.

Twee lewensbelangrike waarhede

Die eerste is dat *God ons innig liefhet*. Soos Johannes 3:16 verduidelik, het God die Vader elke mens so lief dat Hy Sy Seun gegee het om vir ons te sterf, sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan hê! Ons behoort egter te verstaan dat Sy gawe van die ewige lewe *voorwaardelik* is. Lees ons boekie *Johannes 3:16 – Verborge waarhede van die goue vers*, vir 'n deeglike uitleg van hierdie groot belofte en die reaksie wat God van ons verwag. Soos die hoofredakteur Gerald Weston in daardie boekie skryf: “Om verlore te gaan is die natuurlike resultaat van 'n sondige lewe, maar hierdie vers gee ons hoop aan die anderkant van die graf”. God se liefde is so groot dat ons nie vir ewig verlore hoef te gaan nie. Alhoewel ons nie 'n inherente onsterflike siel het nie – soos wat die vervalste Christendom en baie heidense godsdienste verkeerdelik verkondig – wil God aan *ons die gawe van onsterflikheid gee*.

Die tweede lewens-

belangrike waarheid is dat God nie verander nie. Sy doel bly onveranderlik. Dit is belangrik omdat sommige mense glo dat die “God van die Ou Testament” hard en wraaksugtig is deur plaë, peste en dies meer te stuur, terwyl die “God van die Nuwe Testament” gaaf, liefdevol en vergewensgesind is.

Hierdie karakterisering is nie net vals nie, maar dit toon ook onkunde oor 'n baie belangrike feit. Johannes 1:1 openbaar aan ons: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.” Die Een wat Jesus Christus geword het, die Woord of die Woordvoerder, het van ewigheid af bestaan saam met die Een wat die Vader sou word. In werklikheid openbaar die Bybel dat dit die Woord is – weereens die Een wat Jesus geword het – wat die heelal geskep het (Johannes 1:3; Kolossense 1:16). Hy was die Een wat met Abraham gekommunikeer het en Abraham het Hom gesien (Johannes 8:56-58). Tydens al die plaë van Egipte, die uittog deur die Rooi See en toe die Tien Gebooe gegee is, was Hy die God van die Ou Testament wat Hom oor Israel ontferm het (1 Korinthiërs 10:1-4). Daar word aan ons vertel dat Moses en die ouder-

linge op 'n stadium tydens die uittog “die God van Israel” gesien het (Exodus 24:9-11) maar dit was nie God die Vader wat hulle gesien het nie (Johannes 1:18; 1 Johannes 4:12). Die “God van Israel” was die Een wat Jesus Christus sou word.

In plaas van 'n wraaksugtige God in die Ou Testament en 'n vergewensgesinde God in die Nuwe Testament, sien ons dat Jesus Sy Vader van die begin af verteenwoordig het. Dit is waarom dít wat vroeër van God gesê is, net so waar van Christus is – Hy verander nie. Soos Hebreërs 13:8 sê: “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.”

Met hierdie waarhede in plek, kan ons die plaë soos dit geprofeteer is in die regte konteks plaas.

Wat verlang God?

Dink na: Waarom het die Een wat Jesus Christus geword het, Israel uit Egipte gebring? Wat het Hy probeer bereik?

Hy het Israel uit slawerny bevry op grond van Sy verbondsbeloftes aan Abraham, Isak, Jakob en Josef (Génesis 12:2; 48:11-22) – maar ook sodat Sy volk Hom sou kon dien en in geregtigheid kon aanbid (Exodus 7:16; 8:1; 34:14). God

het selfs beloof dat indien hulle Hom gehoorsaam, Hy “geeneen van die siektes” oor hulle sal bring wat Hy oor die Egiptenaars gebring het nie, “want Ek is die HERE wat jou gesond maak” (Exodus 15:26).

Eeue later het Hy vir koning Salomo gesê dat indien die Israeliete hulle verootmoedig en “hulle bekeer van hul verkeerde weë”, dan sal God uit die hemel hoor en “hulle sonde vergewe en hulle land genees” (2 Kronieke 7:13-14). Jare later, toe Juda teen 'n oorweldigende vyan-delike leër te staan gekom het en die vooruitsig vir oorlog, siekte en hongersnood gevrees het, het koning Jósafat 'n vas tot bekering uitgeroep en “in die huis van die HERE voor die nuwe voorhof” gegaan om tot God te bid vir verlossing (2 Kronieke 20:1-12). Die hele volk het in gehoorsaamheid voor die HERE gestaan en God het gehoor en hulle gered (verse 13-15).

Wat verwag God dus van ons? Hy verlang bekering van sonde en boosheid. Hy wil hê dat ons Sy Gebooe gehoorsaam sodat ons gesond en gelukkig kan wees en Sy seëninge kan ontvang (Psalm 112:1; Openbaring 22:14) en sodat ons kan leer om soos Jesus Christus te dink (Filippense 2:5). Dan sal ons in Sy liefde bly (Johannes 15:10). “Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooe bewaar; en sy gebooe is nie swaar nie” (1 Johannes 5:3). Ons moenie die fout begaan om te dink dat Jesus Christus, *wie nie verander nie*, weggedoen het met Sy eie standaard van moraliteit of met die dag van

aanbidding wat Hy beveel het nie, naamlik die sewende-dag Sabbat (Exodus 20:8).

Ware Christene dank God vir Sy genade en barmhartigheid, omdat hulle verstaan “almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God” (Romeine 3:23). Hulle bid vuriglik dat God die wêreld teen kwaad en lyding sal bewaar en probeer om ander mense in hulle tyd van nood te help (Deuteronómium 15:11; Lukas 14:12-14; Jakobus 1:27). Ware Christene verstaan egter ook waarom God oorlog, hongersnood en siektes toelaat en dit soms selfs stuur. God verander nie. Hy is ontsaglik lief vir ons. Omdat Hy ons liefhet, wil Hy hê dat ons geregtigheid en gehoorsaamheid kies en ons potensiaal as kinders in Sy gesin bereik.

Beskerming teen die finale plaë

Daardie tema, naamlik die begeerte van 'n liefdevolle God wat wil hê dat die mensdom geregtigheid kies en sy rug op boosheid keer duur voort – selfs tot vandag en ook in ons geprofeteerde toekoms in.

Die boek Openbaring beskryf hoe Christus die Lam, die beroemde “vier perderuiters” wat valse godsdienste, oorlog, hongersnood en *siektes* verteenwoordig, aan die einde van hierdie huidige tydperk loslaat (Openbaring 6:1-8). Die eindtydse rit van hierdie ruiters sal 'n vreesaanjaende hoogtepunt bereik in die dae net voor die Wederkoms van Christus.

Daar was plaë en ander rampe regdeur die geskiedenis, maar dit word geprofeteer dat veel erger plaë nog kom. Die vierde perderuiter wat op 'n sieklike, vaal perd ry word in Openbaring 6:8 die “dood” genoem en hy verteenwoordig die koms van 'n reeks kragtige siektes en plaë op die aarde (vergelyk Matthéüs 24:4-7). Die rit van hierdie ruiters sal voortduur tot in die Groot Verdrukking en sal 'n hoogtepunt bereik met die dood van 'n *kwart* van die aarde se bevolking!

Ongelukkig, selfs nadat sulke plaë op die aarde losgelaat is – wat gepaard sal gaan met ander tekens, wat groot rampe in die hemele en op die aarde sal insluit – sal baie van die oorlewendes hulle nog *steeds* nie van hulle boosheid bekeer nie (bv. Openbaring 9:20-21; 16:9, 11). Vir getroue en gehoorsame Christene word daar egter 'n plek van veiligheid beloof (Openbaring 12:12-14). Gelukkig, voordat die mensdom homself vernietig, sal Jesus Christus weer kom “en daar sal genesing onder sy vleuels wees” (Maleági 4:2).

Opregte Christene bid vuriglik vir Christus se Wederkoms (Matthéüs 6:10), wanneer Hy geregtigheid en vrede regoor die wêreld sal vestig (Jesaja 9:7; Miga 4:2-3). Tot dan behoort ons ons ywerig tot God te wend, sodat ons in Sy liefde kan bly en waardig geag mag word om aan die naderende plaë van profesie te ontkom (Johannes 15:10; Lukas 21:36)! **WVW**

Vervolg vanaf bladsy 15 – 'n Dag om te onthou in 'n jaar van verandering

“onverwagse” gebeurtenis van so 'n verwoestende omvang en gevolge dat al die bogenoemde aangeleenthede nietig lyk in vergelyking met dit wat vir die VK belangrik is.

Die virale pandemie wat in China begin het, het vinnig oor die hele wêreld versprei. Pogings om die verspreiding van die virus te beperk, het die nasionale ekonomieë 'n ernstige knou toegedien en dit bykans tot stilstand gebring. In plaas daarvan om die Britse staatskip op koers te hou deur die ná-Brexit-waters, is Boris Johnson self in April in die hospitaal opgeneem – 'n slagoffer van die koronavirus.

Die antwoord op ons vraag hierbo – *wat kon dan verkeerd gaan?* – is duidelik gemaak: *Alles*. Nasies regoor die wêreld veg nou vir hulle voortbestaan. Lande as geheel is in “inperking” [*lockdown*] – met inbegrip van Brittanje – en regerings skarrel om hul industrieë, besighede en bevolkingsgroepe wat deur wydverspreide infeksie en dood bedreig word, te beskerm.

Skielik verander 2020 in 'n opspraakwekkende jaar as gevolg van baie meer redes as Brexit. Kan die COVID-19-pandemie vinnig gekeer word en effektiewe antivirale medisyne vinnig genoeg ontwikkel word om wydverspreide lewensverlies te voorkom? Kan die wêreld-ekonomie weer vinnig herstel? Hoe sal die huidige noodtoestand 'n invloed hê op die Amerikaanse verkiesing in November, die belangrikste vennoot van die Verenigde Koninkryk? Sommige mense verwag dat president Trump sal wen, maar dit hang af van die Amerikaners se tevredenheid met hulle ekonomie en die

sukses van sy administrasie in die hantering van 'n pandemie. Indien Trump teen sy teenstander van die Demokratiese Party verloor, kan die VSA van 'n vryemark-ekonomie wat gunstig is vir bloeiende ondernemings, geslinger word in die rigting van 'n sterk gereguleerde staatsbeplande ekonomie wat meer aan kommunistiese lande herinner. Die lotgevalle van die VSA en die VK is onherroepelik aan mekaar verbind en groot veranderings vir Amerika kan 'n ramp vir die lotgevalle van Brittanje beteken.

Niemand weet nog wat die volle omvang van die ekonomiese skade sal wees wat die pandemie regdeur die VK, Europa en die wêreld sal aanrig nie. Groot bedrae geld is bestee om “te red wat daar te redde is” en die groot nasionale skuld wat ophoop, stel die rekeninge uit tot 'n onbekende tyd in die toekoms. Die wêreld kan nie voortgaan soos voorheen nie. Hierdie wêreldwye krisis het 'n invloed oor die hele wêreld heen en skep 'n heel ander wêreld in sy nadraai.

Met die Duits-geleide EU reeds in resessie, is 'n €75 miljard (£66 miljard) tekort in sy begroting wat ná Brexit gevul moet word en nou boonop 'n wêreldwye ekonomiese ineenstorting, lyk die toekoms van die Europese Unie beslis onseker. Hoe goed sal die VK onder hierdie nuwe omstandighede vaar in 'n wêreld waar handel en ekonomieë groten-deels in duie gestort het? Kan die VK staande bly met die Ierse en Skotse politiek wat dreig om dit te vernietig?

Die “tyd van benoudheid vir Jakob” is aan die kom

Vanuit die perspektief van Bybelse profesie, herinner ons die *Wêreld van Môre* lesers gereeld daaraan dat ons wêreld in die “laaste dae” leef voor Christus se Wederkoms om 'n nuwe era op aarde onder Sy heerskappy te vestig. Dit is nou onstuimige, wisselvallige tye van ekonomiese omwenteling, toenemende ongunstige klimaat- en weerpatrone, waar politieke alliansies verander. In Westerse demokratiese lande is 'n nuwe golf van meer konserwatiewe, populistiese politiek besig om te veg om die vorige liberale, wêreldse agenda te vervang. Godsdienstige misleiding, oorloë, hongersnood en siekte-epidemies, uitgebeeld deur die vier perderuiters van die Apokalips, word voorspel om vlakke te bereik soos nog nooit tevore gesien is nie (Openbaring 6:1-8) en die bestaande wêreldorde sal binnekort verbrokkel. Dit sal ons na die tyd van benoudheid vir Jakob lei (Jeremia 30:4-7), wanneer die moderne afstammeling van die antieke aartsvader Jakob, veral Brittanje en die VS, ingetrek sal word in hulle ergste tyd van benoudheid en beproewing.

Ons leef in baie ernstige tye. Dit is nou die tyd om op te let waarteen Christus ons gewaarsku het: “MAAR pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie” (Lukas 21:34). In werklikheid het Hy ons almal gewaarsku: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (vers 36). **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

op my elf-jarige verstand en emosies gehad het. Mark Sandor, 'n vader van vier kinders, verduidelik hoe ons ons kinders kan help om belangrike lesse in krisistye te leer. Kinders heg waarde aan die bekende en tye soos hierdie laat vrae ontstaan: *Waarom word skool gekanselleer? Wat is besig om te gebeur? Is ons veilig?* Ons kindertjies het antwoorde nodig. Mark se artikel elders in hierdie uitgawe is 'n móét lees vir almal met jong kinders of kleinkinders.

Die virus self is nie die enigste faktor nie. Ons ly ook as gevolg van een van die nuwe-effekte daarvan: Die finansiële verwoesting wat dit in ons wêreld aanrig. Dit is die onderwerp van Dexter Wakefield se artikel elders in hierdie uitgawe. Dit mag dalk wees dat die grootste nalatenskap van COVID-19 die uitwerking sal wees op die wêreld se ekonomieë en hoe daardie skade sal lei tot 'n groter negatiewe invloed op sosiale gedrag en politieke veranderings sal veroorsaak. Daar kan verwag word dat toekomstige plaë – wat in profesieë voorspel word – nog erger gevolge sal hê soos wat Wyatt Ciesielka elders in hierdie uitgawe beskryf.

John Meakin ondersoek elders in hierdie uitgawe die vele uitdagings wat Brittanje en Europa in die gesig staar nou dat Brexit 'n werklikheid is. Terloops, hierdie werklikheid is reeds dekades gelede op grond van Bybelse profesieë voorspel deur die *Wêreld van Môre*, selfs terwyl baie “kundiges” skepties was oor die moontlikheid dat Brittanje die Europese Unie ooit sou verlaat. Brittanje en die Europese Unie-nasies het alreeds geworstel om die ingewikkelde ooreenkoms van hulle politieke egskeiding te hanteer, maar wat sal die eindresultaat van hierdie kragtige nuwe uitdagings wees? Maak seker dat u elke rubriek, “*Dit is Londen wat roep*”, lees, in elke uitgawe van ons tydskrif om op hoogte te bly met belangrike gebeure in daardie wêrelddeel. Soos wat die COVID-19-pandemie ons daaraan herinner, is wat in een deel van die wêreld, soos byvoorbeeld in Europa gebeur, van groot belang vir mense regoor die hele wêreld.

Hoe het mense op die krisis reageer? 'n

Eienaardige element wat in die geskiedenis met betrekking tot hierdie tyd opgeteken sal word, is hoe die pandemiese verspreiding van 'n siekte wat die lange aantast, op een of ander manier gelei het tot die groot tekort aan toilet papier in 2020. Om logies te dink en geestelike raad te kry met betrekking tot die ingesteldheid om te versamel, wat veroorsaak het dat winkelrakke leeg gekoop is, behoort u Michael Heykoop se artikel “O Kanada” te lees wat elders in hierdie uitgawe verskyn.

'n Waarskuwing en wekroep

Toenemende reise ten tye van die Chinese nuwe jaar het daartoe bygedra dat COVID-19 van Wuhan na ander dele van China en die wêreld versprei het. Terselfdertyd het Europa geworstel met die onsekerheid rondom die ekonomiese en sosiale impak van Brexit. Australië het gebuk gegaan onder die las van die verwoestende siklus van droogte, brande en oorstromings van 2019, wat die dood van 'n ongelooflike een *miljard* wilde diere en 600,000 beeste tot gevolg gehad het. 'n Vloedgolf van ekonomiese vlugteling wat op soek is na 'n beter lewe in Europa en Turkye keer nie die stroom nie. Wat kan ons te wagte wees wanneer COVID-19 die ekonomieë van Mexiko en die nasies ten suide in Sentraal- en Suid-Amerika verwoes? Waarheen kan hierdie lydende hordes mense gaan? Wanneer hierdie desperate mense siektes na die lande saambring waarheen hulle vlug, hoe sal hulle ontvang word?

Wêreldgebeure kom dikwels gelyktydig voor om probleme in tye van spanning te vererger. Daardie tye van spanning lewer **sterk** leiers op maar nie altyd goeie leiers nie, soos byvoorbeeld: Vladimir Putin, Recep Erdogan, Xi Jinping, Donald Trump, Benjamin Netanyahu en ander mense soos hulle.

Elke generasie het probleme ondervind, maar tegnologiese vooruitgang, die spoed waarteen reise plaasvind asook die bevolkingsontploffing, het die grootte en omvang van die probleme van vandag vergroot. Dit is in die Bybel opgeteken dat

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

nog moeiliker tye voorlê, erger as wat ons ons oit kan voorstel. COVID-19 behoort 'n wekroep te wees oor wat voorlê – 'n relatief kleinskaalse waarskuwing aan 'n oorgeruste wêreld van wat gaan kom, tensy ons ons weë verander, wegdraai van ons onsedelike gedrag en ophou om ons Skepper te verwerp. Dit is nie toevallig dat ons wêreld omgekeer word op presies dieselfde tyd dat ons ons sedelike beginsels vaarwel toeroep!

Mediese deurbrake, ekonomiese aansporingsprogramme en sosiale distansiëring kan tydelike verligting vir ons bekommerde wêreld bring, maar

dit behandel slegs die gevolge van ons probleme en nie die oorsake nie. Probleme sal voortduur totdat ons ons tot die enigste Een wend wat ware oplossings kan gee. In Bybelse taal is dit tyd dat ons ons individueel en gesamentlik verootmoedig en ons van ons sondes bekeer. Enige ander oplossing is slegs soos 'n pleister wat op 'n afgesnyde slagaar geplak word.



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**